Wie Is Hierdie Melgisédek?

Laat ons ons hoofde buig vir gebed.

Dierbare Hemelse Vader, ons hoor hierdie lied van *Glo Net,* dit maak ons bewus dat dit al is wat ons moet doen om enige beloftes van God te beërf, glo hulle net. Want daar staan geskrywe: "Alles is moontlik vir hulle wat glo." Soos ons uitroep, soos die man wat die epileptiese kind gehad het: "Here, ek glo! Kom U my ongeloof tot hulp."

2 Ons dank U vir U groot mag, U groot openbaring van Uself aan ons in hierdie laaste dae. Dit maak ons hart baie bly en gelukkig om te weet dat ons in aanraking met die lewende God gekom het; Wat dit bevestig in fisiese, materiële bewyse, soos Hy in vervloë dae gedoen het, en soos Hy vir hierdie dag beloof het. Ons is so dankbaar teenoor U, ons God. Hierdie donker dag waarin niemand blykbaar weet watter kant toe om te gaan nie, is ons so bly dat ons die veilige hawe, die rusplek gevind het.

3 Nou seën ons vanaand, Here, soos ons van U Woord spreek. En die beloftes wat vir ons gegee is, mag ons hulle in ons harte troetel, hulle met eerbied koester, en hulle met ware goddelike dissipline gehoorsaam. Want ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

4 [Iemand praat met Broer Branham—Rd.] 'n Liefdesoffer? Hulle moes nie—hulle moes dit nie gedoen het nie. Wie het dit gedoen? U skuldig? Ek kom die bestuurder by. Hy het gesê dat hy 'n liefdesoffer vir my opgeneem het. Hy moes dit nie gedoen het nie. Ek waardeer dit, God weet dit, maar ek—ek het nie daarvoor gekom nie. Dankie. Mag die Here julle seën. Ek sal alles doen wat ek kan. Ek sal dit reguit in buitelandse sending sit, dat ek sal weet dat dit na die Koninkryk van God sal gaan. En as die Here wil, sal ek dit self oorneem na die lande, om hierdie selfde Evangelie te bring waarna julle sit en luister het, hierdie week, dan weet ek dat dit so gedoen sal word op die manier wat julle Dit geglo het. Die Here help my om dit te doen.

5 Ek is baie dankbaar vir die groot bywoning hierdie week, en vir al julle mense wat vanaand weer verbind is met die—die drade van die telefoon. En ons is dankbaar vir ieder en elk van julle.

6 Billy het vanmôre vir my gesê, hy het gesê: "Pappa, as jy saam met met my sou gekom het vanmôre, vroeg, net na daglig, en hierrond in hierdie plekke staan en moeders wat hulle babas in die motor voed aanskou, daardie arme mense wat in die reën sit, en wag vir die deure om oop te gaan!" Sien julle watter huigelaar ek sou wees as ek julle enigiets behalwe die

Waarheid vertel het? Ek sou werklik 'n gemene persoon wees. Somtyds moet ek seermaak, maar dis nie omdat ek wil nie, dis omdat. . . Dis nie ek wat seermaak nie. Dis Waarheid wat seermaak. En ek—ek. . . Maar ek glo dis die rede waarom julle kom, omdat ek hoogs opreg is met julle, en alles doen wat ek kan om julle te help. Die Here help ieder en elk van julle.

7 En nou wil ek die mense bedank vir hulle goeie samewerking, die mense van die stad hier, ook, wat vir ons gegee het, ons die verhuuring van hierdie skoolgebou toegelaat het, hierdie ouditorium en die gimnasium. En ek wil die beamptes bedank as julle hier is. En ek wil ook vir Houston Colvin bedank, wat die opsigter hier is, vir sy goeie samewerking om ons te help om dit te kry en elke aand by ons te wees.

8 Ons bedank die polisiemag van Jeffersonville omdat hulle hiernatoe gekom en gewaak het, teen geringe koste. Ek dink ongeveer twee dollar per uur, wat die polisie hier geplaas was op spesiale diens, die motors te parkeer, te sien dat daar geen. . . niks gebeur nie, en alles reg was. Ons is dankbaar vir die mense daarvoor. En aan die—die, ook, die ingenieur hier op die—die bord, ek het hom raakgesien. En almal wat hierby betrokke is, ons is julle sekerlik dank verskuldig.

9 Ek bedank ieder en elk van julle vir die geskenke. Billy het pas vir my gebring, vanmiddag, 'n—'n geskenk, verskeie van hulle, en dose, lekkers, ensovoorts. En een van hulle was die—die Saligsprekinge, met 'n prent van Christus gewerk op dit—dit, die Bergpredikasie. En dit was werklik pragtig. Ek bedank julle regtig. En soveel dinge, ek weet nie hoe om julle daarvoor te bedank nie. En dan, ook, vir julle—julle ondersteuning, finansiering van die byeenkoms, ons waardeer dit beslis, met ons hele hart. Die Here seën elkeen van julle, ryklik.

10 Billy het gesê, daar was baie mense, julle het gevra vir private onderhoude gedurende die tyd. En baie het gevra en het klein babatjies gehad om toegewy te word. O, hoe graag wil ek dit doen!

Maar julle sien, wanneer ek hierdie keer kom, is dit so dringend. Ek moet die heeltyd, reg in studie bly, hierdie Woord en gebed, weens die bring van hierdie Boodskappe. Sien, hulle is nie. . . Hulle is—hulle is buitengewoon vir ons, want dis om die wil van God te vind en dan die dinge te spreek. En dit moet alles bymekaarkom, en vra God net watter een om oop te maak.

11 Nou, as die Here wil, sal ons gou weer terug wees, so gou soos ons 'n dag kan vind. Ek het 'n—'n bewering gemaak, of—of iets gesê oor Paasfees. Ek moet dit liewer nagaan, want, ek dink ek het 'n skedule in Kalifornië gedurende daardie tyd. So dit mag verkeerd wees. Nietemin, wanneer ons weer terugkeer

na die tabernakel, sal ons julle ’n kaartjie stuur, en die kerk, en—en julle die—die datum en tyd gee. Dan sal ek, dalk teen daardie tyd, weer . . .

12 Ek het geen tyd beplan vir gebed vir die siekes nie. Ons het nie een diens gehad waar ons die mense gebring het en vir hulle gebid het nie. Ons het hulle uitgestuur. En ons broers hier het gepreek, Broer Lee Vayle en Broer . . . Hierdie ander broers het gepreek en gebid vir die siekes, en die waterdoop gedoen, gedoop, eerder, en my alleen laat bly met die Woord. Ons bedank hierdie manne. Hulle het ’n dapper taak verrig.

13 Daar is soveel vriende hier wat ek graag wil ontmoet. Ek kyk af en sien John en Earl. En daar is Doktor Lee Vayle, een van die bestuurders van die veldtog. Broer Roy Borders. Daardie manne, ek het nie eens . . . ek het nie eens soveel as hulle hand geskud nie. Ek het nie ’n kans gehad nie. Ek dink aan my vriende van Kentucky, en hierrond, en prediker vriende, hoe graag wil ek hulle hande skud! Broer Blair, ek het hom nou die dag hier gesien. En baie van daardie manne wat ek—ek liefhet en hulle was by verskeie byeenkomste, en ek het nooit eens soveel as hul hand geskud nie. Ek—ek probeer . . . Dit is nie omdat ek dit nie wil doen nie; dis omdat ek nie die tyd het om dit te doen nie, en ek net jaag.

14 Toewyding van die babas, sekerlik. My eie seun, my klein kleinseun was veronderstel om tydens hierdie byeenkoms toegewy te word. Ek het nie die tyd gehad om dit te doen nie; klein David. Ek’s oupa, tweekeer nou. Dus, Mnr. May, as hy vanaand hier is, wat vir my daardie kierie gegee het, dit lyk asof ek dit sommer gou sal moet gebruik.

15 So, en ek het vir Billy vertel, ek het gesê: “Die Bybel het gesê vermeerder en vul die aarde, maar die hele las was nie vir jou gegee nie.” En hierdie kleinseuns kom vinnig te voorskyn.

En so, onthou, my skoondogter was onvrugbaar, om mee te begin. Sy kon geen kinders hê nie. En eendag, toe ek die diens verlaat, het die Here tot my gespreek en gesê: “Loyce, jy sal ’n seun baar. Die Here het jou geseën. Jou vroulike probleme is weg.” Klein Paul is nege maande later gebore.

16 Twee maande voor hierdie baba op die toneel verskyn het, het ek een oggend by die tafel gesit en ontbyt eet, en Loyce en Billy het oorkant my aan die tafel gesit. En ek het Loyce ’n klein babatjie sien voed in ’n pienk . . . of ’n blou kombers toegedraai. En Billy het in die hoek gesit, besig om klein Paul te voed. Ek het gesê: “Billy, ek het nou net ’n gesig gesien. Loyce het ’n baba toegedraai in ’n blou kombers, gevoed.”

Hy het gesê: “Daar gaan my jagtog. Dis net nege maande van nou af.”

Elf maande later is klein David gebore. En ek was nog nie in staat om hom aan die Here toe te wy nie, en sal nie totdat ons weer terugkom nie. So julle sien wat dit is.

17 Hoe ek mense en hulle gemeenskap liefhet! Maar ons broers het vir die siekes gebid, en ek weet dit is 'n sukses. Elke aand het ons vir die siekes gebid, een die ander hande opgelê, ons almal saam, wat op daardie manier die hele gebied dek. Maar miskien, as God wil. . . ek sal dit op die kaart merk, as ons dit stuur. Terugkomende, sou ek graag ongeveer twee of drie dae toewy, weer, net om vir die siekes te bid en te doen wat ons kan op daardie manier. Nou, en ek bedank die mense vir hulle hulp, weereens.

18 Nou wil ek net 'n opmerking maak, net 'n oomblik, oor die—oor vanmôre se Boodskap. Daar is geen twyfel daaroor dat ek nie heeltemal klaargekry het daarmee nie, maar ek dink julle verstaan. En ek is seker julle het nie. . . Julle sal nooit weet wat dit vir my was om dit te doen nie.

19 Nou, dit klink baie eenvoudig vir julle. Maar, julle, julle sien wat jy doen? Jy neem die plek van God, om Iets uit te spreek. En voordat ek dit sou doen, moes dit 'n antwoord van God kom. En Hy moes afkom, en Hy het Hom sigbaar getoon, en die Openbaring gegee. Daarom, sien, dit is aan die Kerk. En onthou, ek het gesê: "Hierdie, dit wat ek gesê het, was aan die Kerk alleen."

20 En sodat julle mag vertroue hê en weet, dit was dieselfde God wat vir my daarbo gesê het waar daar geen eekhoring was nie. "Spreek, en sê waar hulle sal wees." En drie keer na mekaar het dit gebeur. Nou, as Hy deur daardie selfde woord iets skep wat nie daar is nie, hoeveel te meer sal Hierdie standhou by die Oordeelsdag! Sien? Mense was daar om hierdie dinge te sien, en te weet. Soos Paulus gesê het, in die vervloë dae. Daar was manne by hom, wat—wat die aarde voel bewe het; en nie die stem gehoor het nie, maar hulle—hulle het die—die Vuurkolom gesien.

21 Dit het my goed gedoen, egter, nadat dit verby was; om mans en vroue, wat ek weet ware Christene is, mekaar te sien omhels en huil.

22 En luister, vriende, God bevestig Sy Woord met tekens en bevestigings om te bewys dat Dit reg is, die gesproke Woord. Onthou nou, daardie Lig wat in daardie Wolk was, wat die Openbaring gegee het. Ek was. . .

My klein dogtertjie het my vertel, Sarah hier, dat toe hulle. . . Daardie skool daar in Arizona het opgekyk daar na 'n wolklose hemel, en daardie Wolk geheimsinniglik in daardie berg gesien op—en—af gaan, met 'n amber Vuur wat Daarin

brand. Die onderwyser het die klasse en die skool verdaag, en hulle voor uitgelaat, en gesê: "Het julle al ooit so iets gesien? Kyk hoe daardie daar is."

Onthou, dis dieselfde amber Lig wat op die rots is. So dis dieselfde God, dieselfde Openbaring, gesê: "Sê vir hulle om *dit* te doen." Dis wat ek julle vanmôre gesê het, so daar is Dit.

23 As dit so is dat my goeie vriend, Broer Roy Roberson, inluister by Tucson. Roy, onthou jy, nou die dag, die gesig wat jy gesien het, toe ons buite was en op die berg gestaan het? Jy het opgekom na my toe, en daardie Wolk was bo—oor die top? Afgestap gekom, jy weet wat Hy vir jou gesê het; en ek het jou by daardie huis die ander dag vertel? Dit is dit, Roy. Moenie meer bekommer nie, seun. Dis verby.

24 Julle weet net nie wat dit beteken nie! Dis genade. Hy het julle lief. En julle het Hom lief, dien Hom nederig en aanbid Hom die res van julle lewe. Wees gelukkig, gaan voort en lewe soos julle is. As julle gelukkig is, gaan so voort. Moet nooit weer iets verkeerds doen, soos daardie nie. Gaan net voort. Dis God se genade.

25 Nou wil ek weer bid voordat ons in die Woord ingaan. Hoeveel sal vir my bid? Ek gaan net van byeenkoms na byeenkoms. Sal julle bid?

Julle weet, ek sou graag vir julle 'n liedjie sing, ons almal saam, voordat ons na die Woord gaan. Net om. . . sodat ons sou weet God. . . Net 'n klein toewyding. Het julle al ooit hierdie liedjie gehoor, *Hy Gee Om Vir Jou?* "Deur sonskyn en hartseer, Hy gee om vir jou."

26 Die dametjie kom na die klavier. Wel, ek wil hierdie dametjie ook bedank. Ek het nie eens geweet wie sy was nie. Dis een van die diakens se dogters hier. Ek sekerlik. . . Broer Wheeler se dogtertjie. Sy het nou groot geword. Sy was 'n klein dingetjie wat op my knie gesit het, nie lank gelede nie, en nou is sy 'n jong vrou. So ek bedank haar beslis dat sy haar talent in musiek gebruik het, en nou speel sy baie mooi. Sal jy ons die noot gee, suster? Almal saam nou.

Hy gee om vir jou,
Hy gee om vir jou;
Deur sonskyn of skadu,
Hy gee om vir jou.

Hou julle daarvan? Kom ons sing dit weer, almal saam.

Hy gee om vir jou,
Hy gee om vir jou;
Deur sonskyn of skadu,
Hy gee om vir jou.

Broer Dauch, Hy doen dit vir jou ook, broer. Het julle Hom nie lief nie? [Gemeente sê: "Amen."—Rd.]

Laat ons nou ons hoofde buig.

27 Dierbare Genadige God, met hierdie notatjie hier van ’n paar dinge om vir die mense te sê, en weer terug om terug te verwys na vanmôre, want dit is wat die mense kom om te hoor. Ek bid, God, dat U die mense sal laat sien dat God liefhet en omgee. En dit was nie ek wat Dit gegee het nie, Here, dit was bevestig dat dit die Waarheid was. So ek bid, Dierbare God, dat U liefde altyd sal bly onder die mense. Vanaand, om te moet uitmekaargaan na hierdie byeenkoms en na ons verskillende huise te gaan, dit—dit ruk ons soort van, ietwat, diep, Here. Ek bid dat U hierdie mense sal seën.

28 Nou soos ons die Woord nader, in gebed, en die geskrewe Woord nader, vra ons dat U hierdie geskrewe Woord sal neem en Dit lewendig maak aan ons vanaand. En wanneer ons hierdie gebou vanaand verlaat om uitmekaar te gaan na ons verskillende huise, mag ons sê soos hulle wat van Emmaus gekom het, wat heeldag met Hom gewandel het en Hom steeds nie geken het nie; maar toe Hy hulle in die kamer daardie aand gekry het en die deure almal toe, het Hy iets gedoen net soos wat Hy gedoen het voor Sy kruisiging. Daardeur, het hulle geweet Hy het weer opgestaan.

Doen dit weer vanaand, Here. Skenk dit, terwyl die deure toe is, en U klein groepie hier sit, wagtende. En, Vader, wanneer ons na ons huise gaan, sal ons sê soos hulle gesê het: “Was ons hart nie brandende in ons toe Hy met ons op die pad gepraat het nie!” Ons gee onsself en alles in U hande oor, Here. Doen met ons soos U goeddink. In Jesus se Naam. Amen.

29 Nou laat ons reg in die diens ingaan, nou, vinnig. Blaai nou saam met my, as julle wil, na die Boek van Hebreërs, en nog ’n openbaring op die Boodskap. Ons sal net vir ’n paar oomblikke vanaand praat, as die Here wil. En dan terwyl ons die eerste drie verse van Hebreërs 7:1 tot 3 lees, en dan kommentaar lewer daarop. En ons weet nie wat die Here sal doen nie; ons weet nie. Die enigste ding wat ons doen is net glo, waak, bid. Dit reg? En glo dat “Hy alles sal laat meewerk ten goede vir hulle wat Hom liefhet,” want Hy het dit belowe.

> *Want hierdie Melgisédek was koning van Salem, priester van God, die Allerhoogste, wat vir Abraham tegemoetgegaan het by sy terugkeer toe hy die konings verslaan het, en hom geseën het;*
>
> *Aan wie Abraham ook ’n tiende deel van alles gegee het—hy was in die eerste plek, volgens uitleg, Koning van geregtigheid en dan ook Koning van Salem, dit is, Koning van vrede;*

Laat ons bietjie verder lees.

Sonder vader, sonder moeder, sonder geslagsregister, . . .sonder begin van dae of lewenseinde, maar gelykgestel aan die Seun van God; bly hy priester altyddeur.

30 Dink aan hierdie groot Persoon, van hoe groot hierdie Man moet wees! En nou, die vraag is: "Wie is hierdie Man?" Teoloë het verskillende idees gehad. Maar sedert die opening van die Sewe Seëls, die misterieuse Boek wat misterieus vir ons was . . . Volgens Openbaring 10:1 tot 7, al die geheimenisse wat in hierdie Boek geskryf is, wat weggesteek was af deur die eeu van die hervormers, is veronderstel om te voorskyn gebring te word deur die engel van die laaste kerkeeu. Hoeveel weet dis reg? [Gemeente sê: "Amen."—Rd.] Dis reg, veronderstel om gebring te word. Al die geheimenisse van die misterieuse Boek moet geopenbaar word aan die Loadicéa boodskapper van daardie eeu.

31 Siende dat daar soveel dispuut bestaan omtrent hierdie Persoon en hierdie onderwerp, dink ek ons behoort hierin in te gaan, om uit te vind Wie dit is. Nou, daar is verskillende denkrigtings oor Hom.

Een van die rigtings is, beweer: "Hy is net 'n mite. Hy was nie werklik 'n persoon nie."

En die ander sê, dat: "Dit was 'n priesterskap, dit was die Melgisédek priesterskap." Dis die mees waarskynlike een, dit hou beter na daardie kant as wat hulle doen aan die ander, dis omdat hulle sê dit was 'n priesterskap.

Dit kan nie dit wees nie, want in die 4de vers sê Dit Hy was 'n Persoon, 'n "Man." So, ten einde 'n Persoon te wees, moet Hy 'n persoonlikheid wees, 'n "Man." Nie 'n orde nie; maar 'n Persoon! So Hy was nie net 'n priesterskap orde nie, nóg was Hy 'n mite. Hy was 'n Persoon.

32 En die Persoon is Ewig. As julle oplet: "Hy het geen vader gehad nie. Hy het geen moeder gehad nie. Hy het geen tyd gehad waar Hy ooit begin het nie. En Hy het geen tyd gehad dat Hy ooit geëindig het nie. En Wie ook al dit was, lewe nog vanaand, want die Bybel het hier gesê, dat: "Hy het nóg vader, nóg moeder, begin van dae, of lewenseinde gehad." So Dit sou 'n Ewige Persoon moes wees. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Rd.] 'n Ewige Persoon! So dit kon net een Persoon wees, dis God, want Hy is die enigste Een wat Ewig is. God!

33 Nou, in Eerste Timótheüs 6:15 en 16, as julle dit graag een of ander tyd wou lees, ek wil hê dat julle dit moet lees.

Nou, die ding wat ek aanvoer is, dat, Hy was God, want Hy is die enigste Persoon wat onsterflik kan wees. En nou, God wat Homself verander in Persoon; dis wat Hy was. "Geen vader, geen moeder, geen begin van lewe, geen einde van dae."

34 Nou vind ons in die Skrif dat baie mense dit leer: "drie persoonlikhede in die Godheid." So, jy kan nie 'n persoonlikheid hê sonder om 'n persoon te wees nie. Dit neem 'n persoon om 'n persoonlikheid te maak.

'n Baptis prediker het 'n paar weke gelede gekom, en na my huis toe, en gesê: "Ek sal jou graag wil reghelp op die Godheid een of ander tyd wanneer jy tyd het." My gebel, eintlik.

35 Ek het gesê: "Ek het nou dadelik tyd, want ek wil graag reg wees, en ons lê alles tersyde, om dit te doen."

En hy het gekom, hy het gesê: "Broer Branham, jy leer dat daar net een God is."

Ek het gesê: "Ja, menere."

Hy het gesê: "Wel," het hy gesê: "ek glo daar is een God, maar een God in drie Persone."

Ek het gesê: "Menere, herhaal dit weer."

Hy het gesê: "Een God, in drie Persone."

36 Ek het gesê: "Waar het jy skool toe gegaan?" Sien? En hy het my vertel 'n—'n Bybel kollege. Ek het gesê: "Ek kan dit glo. Jy kan nie 'n persoon wees sonder om 'n persoonlikheid te wees nie. En as jy 'n persoonlikheid is, is jy een persoonlikheid vir jouself. Jy is 'n aparte individuele wese."

En hy het gesê: "Wel, die teoloë kan dit selfs nie verduidelik nie."

Ek het gesê: "Dis deur openbaring."

En hy het gesê: "Ek kan nie openbaring aanvaar nie."

37 Ek het gesê: "Dan is daar geen manier vir God om ooit by jou uit te kom nie, want: 'Dis verberg van die oë van die wyse en verstandige, en geopenbaar aan kindertjies,' geopenbaar, openbaring: 'geopenbaar aan kindertjies, sulkes soos wat dit sal aanneem, leer'" En ek het gesê: "Daar sou geen manier vir God wees om by jou uit te kom nie; jy sluit jouself af van Hom."

Die hele Bybel is die openbaring van God. Die hele Kerk is gebou op die openbaring van God. Daar is geen ander manier om God te ken nie, slegs deur openbaring. "Aan wie die Seun Hom sal openbaar." Openbaring; alles is openbaring. So, om te aanva—. . . Om nie die openbaring te aanvaar nie, dan is jy net 'n koue teoloog, en is daar geen hoop vir jou nie.

38 Nou, nou, ons vind uit dat hierdie Persoon "geen vader gehad het nie, geen moeder, geen begin van dae of lewenseinde nie." Dit was God, *en morphe*.

Nou, die wêreld, die woord kom, die Griekse woord, wat "verandering" beteken, is gebruik. Verander Homself, *en morphe*, van een persoon na . . . Een persoon; die Griekse woord

daar, *en morphe,* beteken. . . Dit was geneem uit 'n toneelstuk, dat een persoon sy masker verander, om hom 'n ander karakter te maak.

39 Soos in—in die skool, net onlangs, glo ek, Rebekah, net voor sy gegradueer het, het hulle een van Skakespear se toneelstukke gehad. En een jong man moes sy klere verskeie kere verwissel, want hy het twee of drie verskillende rolle gespeel; maar, dieselfde persoon. Hy kom uit, een keer, hy was die skurk; en toe hy die volgende keer uitkom, was hy 'n ander karakter. En nou die Griekse woord, *en morphe*, beteken dat hy "sy masker verander het."

40 En dis wat God gedoen het. Dis dieselfde God die hele tyd. God in die vorm van die Vader, die—die Gees, die Vuurkolom. Dieselfde God was vlees gemaak en het onder ons gewoon, *en morphe*, uitgebring sodat Hy gesien kon word. En nou is daardie selfde God die Heilige Gees. Vader, Seun, Heilige. . . nie drie Gode nie; drie ampte, drie optredes van die een God.

41 Die Bybel het gesê: "Daar is een God," nie drie nie. Maar dis hoedat hulle nie kon. . . Jy kan dit nie in orde bring en drie Gode hê nie. Jy sal nooit 'n Jood daarvan oortuig nie. Ek kan jou dit verseker. Een wat van beter weet, hy weet daar is net een God.

42 Let op, soos die beeldhouwerk, hy kruip weg, met 'n—'n masker bo—oor. Dis wat God met hierdie eeu gedoen het. Dit was weggesteek. Al hierdie dinge was weggesteek, en is veronderstel om geopenbaar te word in hierdie eeu. Nou die Bybel sê hulle sal in die eindtyd geopenbaar word. Dis soos 'n beeldhouer wat sy—sy werkstuk heeltemal bedek hou tot die tyd dat hy die masker wegneem daarvan en daar is dit.

En dis wat die Bybel was. Dit was 'n werk van God wat bedek was. En Dit was weggesteek sedert die grondlegging van die wêreld, en Sy sewevoudige geheim. En God het belowe in hierdie dag, by die eeu van hierdie Loadicense kerk, sou Hy die masker van die hele ding afhaal en ons kon Dit sien. Wat 'n glorieryke ding!

43 God, *en morphe*, gemasker in die Vuurkolom. God, *en morphe*, in 'n Man genaamd Jesus. God, *en morphe*, in Sy Kerk. God bokant ons, God met ons, God in ons; die neerdaling van God.

Daar Bo, heilig, niemand kon Hom aanraak nie, Hy het op die berg gevestig; en selfs as 'n dier die berg geraak het, moes dit sterf.

En toe kom God af en het Sy tent verander, en kom af en lewe met ons, word een van ons. "En ons het Hom hanteer," het die Bybel gesê. Eerste Timótheüs 3:16: "En, onteenseglik, die verborgenheid van die godsaligheid is groot: God is

geopenbaar in die vlees, gehanteer met hande." God eet vleis. God het water gedrink. God het geslaap. God het gehuil. Hy was een van ons. Pragtig, getipeer in die Bybel!

Dit was God bokant ons; God met ons; nou is dit God in ons, die Heilige Gees. Nie die derde Persoon nie; dieselfde Persoon!

44 God het afgekom en vlees geword, en het die dood gesterf, in Christus; sodat Hy die Kerk kon skoonmaak, ten einde daar in te kom, vir gemeenskap. God het gemeenskap lief. Dit is waarvoor Hy die man by die eerste tyd gemaak het, was vir gemeenskap; God woon alleen, met Gerubs.

45 En let nou op, Hy het die mens gemaak, en die mens het geval. Toe kom Hy af en verlos die mens, omdat God daarvan hou om aanbid te word. Die einste woord *god* beteken "voorwerp van aanbidding."

En dit wat onder ons kom, as 'n Vuurkolom, as iets wat ons harte verander, dit is dieselfde God wat gesê het: "Laat daar lig wees," en daar was lig. Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd.

46 Nou, in die begin het God alleen gewoon, met Sy eienskappe, soos ek vanmôre van gepraat het. Dit is Sy gedagtes. Daar was niks nie, net God alleen, maar Hy het gedagtes gehad.

Net soos 'n groot argitek kan neersit, in sy gedagte, en uitteken wat hy dink hy gaan—gaan bou. Skep, nou, hy kan nie skep nie. Hy kan iets neem wat geskep is en dit in 'n ander vorm maak; want God is die enigste manier . . . enigste Een wat kan skep. Maar hy kry in sy gedagte wat hy gaan doen, en dis sy gedagte, dis sy begeertes. Nou is dit 'n gedagte, en dan spreek hy dit, en dan is dit 'n woord. En 'n—'n woord is . . .

47 'n Gedagte, wanneer dit uitgespreek word, is dit 'n woord. 'n Gedagte uitgespreek is 'n woord, maar dit moet eers 'n gedagte wees. So, dit is God se eienskappe; dan word dit 'n gedagte, dan 'n woord.

48 Let op. Hulle wat vanaand Ewige Lewe het, was met Hom en in Hom, in Sy denke, voordat daar ooit 'n Engel was, ster, Gerub, of enigiets anders. Dis Ewig. En as jy die Ewige Lewe het; was jy altyd. Nie jou wese hier nie, maar die vorm en fatsoen wat die oneindige God . . .

49 En as Hy nie oneindig is nie, is Hy nie God nie. God moet oneindig wees. Ons is eindig. Hy is oneindig. En Hy was alomteenwoordig, alwetend, en almagtig. As Hy nie is nie, dan kan Hy nie God wees nie. Weet alle dinge, alle plekke, want Hy is alomteenwoordig. Alwetend maak Hom alomteenwoordig. Hy is 'n Wese; Hy is nie soos die wind nie. Hy is 'n Wese. Hy

bly in ’n huis. Maar omdat Hy alwetend is, alle dinge weet, maak dit Hom alomteenwoordig, want Hy weet alles wat aangaan.

Daar kan nie ’n vlooi wees wat sy oë knip, of Hy weet dit nie. En Hy het dit geweet voordat daar ’n wêreld was, hoeveel keer dit die oë sou knip, en hoeveel vet daarin was, voordat daar ooit ’n wêreld was. Dit is oneindig. Ons kan dit nie begryp met ons verstand nie, maar dis God. God, oneindig!

50 En onthou, jy, jou oë, jou beeld, wat jy ook al was, jy was in Sy denke aan die begin. En die enigste ding wat jy is, is die uitdrukking, woord. Nadat Hy gedink het, het Hy dit gespreek, en hier is jy. As dit nie is nie, as jy nie in Sy denke was nie, is daar geen manier hoegenaamd vir jou om ooit daar te wees nie, want Hy is die Een wat die Ewige Lewe gee.

51 Onthou julle hoe ons die Skrif gelees het? “Nie van die een wat wil of van die een wat loop nie, maar God!” En dat Sy voorbestemming kon bly staan, kon Hy kies, vóór enige tyd, wie. God is soewerein in Sy keuse. Het julle dit geweet? God is soewerein.

Wie was dáár in die verlede om Hom ’n beter manier te gee om die wêreld te maak? Wie sou Hom durf sê dat Hy Sy besigheid verkeerd bestuur?

Selfs die einste—einste Woord, Sigself, baie soewerein. Selfs die openbaring is soewerein. “Hy openbaar aan wie Hy wil openbaar.” Die einste openbaring, sigself, is soewerein in God. Dis hoe mense stamp teen dinge, en spring teen dinge, en slaan teen dinge, onbewus van wat hulle doen. God is soewerein in Sy werke.

52 Nou vind ons Hom by die begin, Sy eienskappe. En, nou, jy was saam met Hom, toe. Dit is wanneer die Boek van die Lewe in sig kom.

Nou, ons lees hier oorkant in Openbaring die 13 de hoofstuk, die agste vers, dat: “Die dier wat op die aarde kom,” in hierdie laaste dae: “sal al daardie bewoners op die aarde verlei, wie se name nie geskryf is in die Boek van die Lewe van die Lam voor die grondlegging van die wêreld nie.”

53 Dink daaraan! Voordat Jesus ooit gebore was, vierduisend jaar voordat Hy op die aarde gekom het, en etlike duisende jare voordat julle op aarde gekom het, het Jesus, in God se gedagte gesterf vir die sondes van die wêreld, en die Boek van die Lewe was gemaak, en jou naam was op daardie Boek van die Lewe gesit voor die grondlegging van die wêreld. Dit is die Waarheid van die Bybel. Sien, jou naam was deur God verordineer en op die Boek van die Lewe geplaas voor die grondlegging van die wêreld.

54 Jy was daar in Sy eienskappe. Jy onthou dit nie, nee, want jy is net 'n deel van Sy Lewe. Jy is 'n deel van God wanneer jy 'n seun of 'n dogter van God word.

Net soos jy 'n deel van jou aardse vader is! Dis reg. Jy is. Die man dra die hemoglobien, die bloed. En wanneer dit in—in die eier gegaan het, dan word jy 'n deel van jou vader; en jou moeder is ook 'n deel van jou vader; so, julle is almal 'n deel van julle vader.

Glorie! Dit laat die denominasie uit, geheel en al. Uh—huh. Verseker! God, in alles, die enigste plek!

55 Let op nou, Sy eienskap. Dan was die eienskap, eerste, God; die gedagte, die eienskap, self, alles in Een, sonder om tot uitdrukking te kom. Toe Hy toe tot uitdrukking gekom het, sekondêr, het Hy toe die Woord geword. "En toe het die Woord vlees geword en onder ons gewoon."

56 Johannes die 1 ste hoofstuk en die 1ste vers, let op, dit is: "In die begin." Maar, voor dit, die Ewige! Let op: "In die begin was die Woord." Toe die tyd begin, was dit Woord. Maar voor dit Woord was, was dit eienskap, 'n gedagte. Toe was dit uitgedruk: "In die begin was," die uitdrukking: "die Woord."

Nou kom ons waar Melgisédek is. Dis hierdie misterieuse Persoon. "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God." "En toe het die Woord vlees geword en onder ons gewoon." Hou dit nou daar, let op.

57 Sy—Sy eerste wese was Gees, God, bonatuurlik, goed, die groot Ewige. Tweede; Hy het begin om Homself na vlees te vorm, in 'n *teofanie*, dit word "die Woord, 'n liggaam" genoem. Dis dan die toestand waarin Hy was toe Hy Abraham ontmoet het, genaamd Melgisédek. Hy was in die vorm van teofanie. Nou sal ons daarby kom en dit binne 'n paar oomblikke bewys, as die Here wil. Hy was die Woord.

58 'n Teofanie is iets wat jy nie kon sien nie. Dit kan nou hier op die plek wees, tog kan jy dit nie sien nie.

Dis net soos, wel, soos televisie. Dis in 'n ander dimensie. Televisie; mense beweeg reg deur hierdie kamer nou, sing; daar is kleure, ook. Maar die oog is alleenlik onderworpe aan die vyf sintuie. . .Jou hele wese is net onderworpe aan vyf sintuie, liewer. En jy is net onderworpe aan wat die sig beperk is om te sien. Maar daar is 'n ander dimensie wat deur 'n transformasie gesien kan word, deur televisie.

59 Nou, televisie vervaardig nie 'n beeld nie. 'n Televisie kanaliseer dit net in 'n stroombaan, en dan vang die televisieskerm dit op. Maar die beeld is daar, om mee te begin. Televisie was hier toe Adam hier was. Televisie was hier toe Elía op die berg Karmel gesit het. Televisie was hier toe Jesus van Nasaret langs die strand van Galilea gestap het. Maar julle

ontdek dit net nou. Hulle sou dit daar terug nie geglo het nie. Jy sou mal gewees het om so iets te gesê het. Maar nou het dit 'n werklikheid geword.

En so is dit, dat Christus hier is, die Engele van God is hier. En eendag, in die groot Millennium wat kom, sal dit net meer werklik as televisie of enigiets anders wees, want hulle is hier.

60 Hy openbaar Homself in Sy groot vorm waarop Hy aanspraak gemaak het, soos Hy Homself *en morphes* in Sy dienaars en Homself bewys.

61 Nou, hier is Hy in die vorm van Gees. En dan kom Hy in die vorm van 'n. . .van *en morphe*. Nou, Hy het aan Abraham verskyn, *en morphe*. Toe Abraham van die slagting van die konings teruggekeer het, hier kom Melgisédek, met Hom gepraat.

62 Nou die dag in die Tucson koerant, het ek 'n artikel gelees waar daar 'n—'n vrou was wat langs die pad gery het. Ek dink omtrent veertig, vyftig myl per uur, en sy ry 'n ou man met 'n oorjas aan, raak. Sy het geskree en haar motor gestop. Dit het hom hoog in die lug gegooi. Ver buite in die barre woestyn! En sy hardloop terug om hom te vind, en hy was nie daar nie. So wat het sy gedoen? 'n Paar mense agter haar het dit sien gebeur, het die ou man gesien opvlieg in die lug, en sy oorjas wat waai. So hulle het teruggehardloop om uit te vind. Hulle kon nie die man êrens vind nie. Hulle het die polisie gebel. Die polisie kom uit om die plek te ondersoek; daar was niemand daar nie.

63 Wel, elkeen van hulle het getuig: "Die motor het geronk, die man gestamp. Hy het op in die lug gegaan en almal het dit gesien." Getuies, en twee of drie motors vol van hulle, het dit gesien gebeur. Vind later uit, vyf jaar gelede, was daar 'n ou man met 'n oorjas aan, raakgery en het op dieselfde plek gesterf.

Wanneer jy hier weggaan, is jy nie dood nie. Jy sal moet terugkom, selfs al is jy 'n sondaar, en geoordeel word volgens die dade wat in die liggaam gedoen is. "As hierdie aardse tabernakel afgebreek word, het ons een wat wag." *En morphe*, dis die woord.

64 Nou, God, in hierdie staduim van. . .Dis hierdie staduim van Sy skepping, later gevorm na vlees, Jesus. Van wat af? Van die groot begin af, Gees, toe afgekom om die Woord te wees, wat Homself uitbring. Die Woord maak nog nie Homself nie, dis net uitgespreek, *en morphe*, later word Hy vlees, Jesus, sterflik, om die dood te smaak vir al ons sondaars.

65 Toe Abraham Hom ontmoet het, was Hy Melgisédek. Hy ontvou hier wat al die eienskappe sal doen in die finale einde, elke seun van Abraham. Elke seun van die Geloof sal absoluut dieselfde ding doen. Maar ek wil dophou hoe ons moet kom.

66 Ook, ons sien Hom geopenbaar hier in Rut en—en Boas, as die Bloedverwant Verlosser, hoe Hy moes kom om vlees te wees.

67 Nou sien ons die eienskap, seuns van Sy Gees, het nog nie die Woord—vorm liggaam binnegegaan nie. Maar, 'n teofanie; hierdie liggaam is onderworpe aan die Woord en voorsmaak, wagtende vir die voorsmaak, verandering van die liggaaam.

68 Nou, die verskil tussen Hom en jou, as 'n seun. Sien, Hy was aan die begin, die Woord, 'n *en morphe* liggaam. Hy het gekom en daarin gelewe, in die Persoon van Melgisédek. Toe, later, het ons nooit weer van Melgisédek gehoor nie, want Hy het Jesus Christus geword. Melgisédek was die Priester, maar Hy het Jesus Christus geword. Nou, jy het daarby verbygegaan. Omdat, in daardie vorm, het hy alle dinge geweet, en jy was nog nooit in staat om dit ooit te weet nie.

Jy het soos Adam gekom, soos ek, jy het van die eienskap na die vlees gekom, om versoek te word. Maar wanneer hierdie lewe hier eindig: "Wanneer hierdie aardse tentwoning afgebreek word, het ons alreeds een wat wag." Dis waarnatoe ons gaan; dit is die Woord. Dan kan ons terugkyk en sien wat ons gedoen het. Nou verstaan ons dit nie. Ons het nooit die Woord geword nie; ons het net die vleesman geword, nie die Woord nie.

69 Maar, en kyk, duidelik verhelder dit, jy sal nooit die Woord wees tensy jy 'n gedagte aan die begin was nie. Dit bewys die voorbestemming van God. Sien? Jy kan nie die Woord wees tensy jy 'n gedagte is nie. Jy moes in die denke gewees het, eerste.

Maar, jy sien, om versoek te word, moes jy by die teofanie verbygaan. Jy moes hier afkom in vlees, om deur sonde versoek te word. En dan, as jy staande bly: "Almal wat die Vader My gegee het, sal na My toe kom, en Ek sal hulle in die laaste dae opwek." Sien, jy moes wees, eers.

70 En dan, jy sien, Hy kom reg af, die gewone lyn, van eienskap na . . . Voor die grondlegging van die wêreld, is sy naam op die Lam se Boek van die Lewe geplaas. Toe, vandaar, word Hy die Woord, die teofanie, wat kon verskyn, verdwyn. En dan word hy vlees en gaan weer terug, daardie selfde liggaam opgewek in 'n verheerlikte toestand.

Maar jy het by die teofanie verbygegaan en vlees geword om deur sonde versoek te word. En toe: "Wanneer hierdie aardse tentwoning afgebreek word, is daar alreeds een wat wag." Ons het nog nie die liggame nie.

71 Maar, kyk! Wanneer hierdie liggaam die Gees van God ontvang, die onsterflike Lewe binne—in jou, bring dit hierdie liggaam in onderworpenheid aan God. Halleluja! "Elkeen wat

uit God gebore is, doen geen sonde nie; hy kan nie sondig nie." Romeine 8:1: "Daar is dan geen veroordeling vir hulle wat in Christus Jesus is nie; vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees." Daar is dit. Sien, dit onderwerp jou liggaam.

Jy hoef nie te sê: "O, as ek maar net kan ophou drink nie! As ek maar net kon . . ." Kom net in Christus, en dis alles weg, sien, sien, want jou liggaam is onderworpe aan die Gees. Dis nie meer onderworpe aan die dinge van die wêreld nie; hulle is dood. Hulle is dood; jou sondes is begrawe in die doop, en jy is 'n nuwe skepping in Christus. En jou liggaam wat onderwerp word aan die Gees, probeer om 'n regte soort lewe te lei.

72 Soos julle vroue wat beweer dat julle die Heilige Gees het, en loop hier rond en dra kortbroek en dinge, hoe kan julle dit doen? Hoe kan die Gees van God in jou, jou ooit so iets soos dit, laat doen? Dit kan net nie so wees nie. Sekerlik, dit kan nie wees nie. Hy is nie 'n vuil gees nie; Hy is 'n heilige Gees.

73 En dan wanneer jy onderworpe word aan daardie Gees, bring dit jou hele wese in onderworpenheid aan daardie Gees. En daardie Gees is niks in die wêreld nie, behalwe hierdie Saad Woord gemanifesteerd, of verkwik, halleluja, lewendig gemaak. En wanneer die Bybel sê: "Moenie *dit* doen nie," draai daardie liggaam dadelik Daarnatoe. Daar is geen vraag nie.

En wat is dit? Dis die voorsmaak van die opstanding. Hierdie liggaam sal weer opgewek word, want dit het alreeds begin. Dit was eens onderworpe aan sonde, en slyk en bedorwenheid, maar nou het dit die voorsmaak; dit het Hemels geword. Nou, dis die voorsmaak dat jy in die Wegraping gaan. Dis die voorsmaak.

74 'n Siek persoon wat lê, doodgaan, niks oor behalwe die dood nie; dis al wat kan gebeur. Ek het mense wat skaduwees is, gesien, omtrent opgevreet van kanker en tuberkulose; en hierdie mense 'n klein rukkie daarna gesien, volkome normaal en sterk. As daar geen Goddelike genesing is nie, dan is daar geen opstanding nie, want Goddelike genesing is die voorsmaak van die opstanding. Amen!

75 Julle weet wat die handgeld is, nie waar nie? Dis die deposito. "Hy was ter wille van ons ongeregtigheid verbrysel; deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom." Let op hoe wonderlik! Ons het Hom lief.

76 Nou, hierdie liggaam is onderworpe aan die Gees. Het nog nie in die Woordvorm ingegaan nie, maar ons is nog in die vleesvorm, maar onderworpe aan die Woord. Die dood in die vlees sal ons daarnatoe neem.

77 Net dieselfde ding, dink aan 'n babatjie. Jy kan 'n vrou neem, maak nie saak hoe boos sy is nie, wanneer sy swanger is en op die punt is om moeder te word. Hou dop, voordat daardie

baba gebore word, ek gee nie om hoe wreed die vrou is nie, sy word heel minsaam. Daar is iets omtrent haar klank...lyk goddelik, 'n moedertjie te sien, op die punt om moeder te word, deur die baba. Hoekom is dit? Daardie liggaampie, nou, is nog nie lewendig nie, sien, die enigste ding wat dit is is net vlees en spiere. Daardie bietjie skop, dis net spiere wat trek. Maar wanneer dit voortkom van die baarmoeder, blaas God die asem van lewe daarin, en dan skree hy. Sien, net so—so seker as wat daar 'n natuurlike liggaam gevorm word, is daar 'n geestelike liggaam om dit te ontvang so gou soos dit hier kom.

78 Dan, wanneer 'n man weergebore word, uit die Hemel, word hy 'n geestelike baba in Christus.

En, dan, wanneer hierdie kleed van vlees laat val word, is daar 'n natuurlike liggaam, teofanie, 'n liggaam nie met hande gemaak nie, ook nie uit 'n vrou gebore nie, waarnatoe ons gaan.

Dan keer daardie liggaam terug en tel die verheerlikte liggaam op.

Dis die rede waarom Jesus hel toe gegaan het toe Hy gesterf het, en vir die siele wat in die gevangenis was, gepreek het; teruggekeer na daardie teofanie. O, wonderbaarlik! Dank God!

79 Tweede Korinthiërs 5:1: "Wanneer hierdie aardse liggaam afgebreek word, hierdie aardse tentwoning, het ons 'n ander een." Sien, ons het daarby verbygegaan, om reguit van God af te kom, die eienskap; om vlees te wees, om versoek en getoets te word deur sonde, soos Adam gedoen het. Maar wanneer toetsing van Sy Woord verby is, dan word ons opgeneem na hierdie liggaam wat vir ons voor die grondlegging van die wêreld voorberei was. Dit is die Woord daar wat ons uitgelaat het, om reg rondom te kom, hier onder om versoek en getoets te word. As ons deur daardie gekom het, sou daar geen versoeking gewees het nie; ons sou alle dinge geweet het. Dit is die rede waarom Jesus alle dinge geweet het, want Hy was die Woord voor Hy vlees was. Dan word ons die Woord.

80 Hier word ons na die Woord beeld gevorm, om 'n deelnemer van die Woord te wees, te voed op die Woord, deur voorbestem te wees vanaf die begin; jy sien daardie vonkie Lewe wat jy in jou gehad het van die begin af, toe jy jou reis begin het. Baie van julle kan dit onthou. Jy het by *hierdie* kerk aangesluit en by *daardie* kerk aangesluit, jy sou *dit* en *dat* probeer; niks het tevrede gestel nie. Dis reg. Maar eendag het jy Dit net herken. Reg.

81 Nou die aand het ek iewers onderrig, ek dink dit was daar in Kalifornië of Arizona, omtrent...Ek dink ek het die storietjie hier vertel, omtrent die man wat 'n hen aan die broei gesit het en 'n arend eier onder haar gehad het. En toe daardie

arend uitgebroei het, was hy die snaakste voël wat daardie kuikens nog ooit gesien het. Maar, hy het rondgeloop. Hy was die—die lelike een tussen hulle, want hy kon net nie verstaan hoe daardie hen wil kloek en op daardie mishoop skoffel en vreet nie. Hy kon nie die idee snap nie. Sy sou sê: "Kom oor en vreet, skat!" Maar, hy was 'n arend; hy kon net nie so vreet nie. Dit was nie sy kos nie.

82 So sy sou sprinkane en wat ook al vang, julle weet, en die kuikentjies roep. En al die kuikentjies sou saam gaan, saam kloek, en vreet. Maar die arendjie kon dit net nie doen nie. Dit het nie—het nie reg gelyk vir hom nie.

So eendag kom sy mamma hom soek.

83 En hy sou daardie hen hoor kloek. Hy sou sy bes probeer om te kloek, maar hy kon dit nie doen nie. Hy het probeer tjirp soos 'n hoender maar hy kon nie. Sien, hy was 'n arend. Hy, om mee te begin, was hy 'n arend. Hy was net onder 'n hen uitgebroei.

Dis soos sommige kerklidmate. Elke . . . Dis omtrent hoe dit is, omtrent een uit 'n broeisel, is reg.

84 Maar eendag het sy mamma oorgevlieg, en sy het geskreeu. Hy het dit herken. Dit het reg geklink. Hoekom? Hy was 'n arend, om mee te begin.

Dis hoe dit is met die Evangelie, of die Woord, of die Krag van Jesus Christus. Wanneer 'n man voorbestem is na die Ewige Lewe, hoor hy daardie egte klank, skreeu van God, kan niks hom Daarvan weghou nie.

Die kerk mag sê: "Die dae van wonderwerke is verby," kloek, kloek, kloek: "Staan hier en eet *dit*, en staan hier en eet *dat*."

85 Daardie agterplaasgoed sal nie meer goed genoeg vir hom wees nie. Hy is weg! "Alle dinge is moontlik!" Hy kom van die grond af.

Dis hoekom, die probleem met soveel Christene vandag, hulle kan nie hulle voete van die grond af kry nie.

Die ou mamma het gesê: "Seun, spring! Jy is 'n arend. Kom op hier waar ek is."

Hy het gesê: "Ma, ek het nog nooit gespring in my lewe nie."

86 Sy het gesê: "Wel, jy spring! Jy is 'n arend om mee te begin. Jy is nie 'n hoender nie." Toe het hy sy eerste sprong gemaak en sy vlerke geklap; het nie so goed gevaar nie, maar hy het van die grond af gekom.

Dis hoe ons dit doen. Ons neem God aan deur geloof, deur die geskrewe Woord. Daar is iets daarin; dis daardie Ewige Lewe. Jy was voorbestem daarvoor.

87 Sy oupa en ouma was arende. Hy was 'n arend, die hele ent pad terug. Arend meng nie met ander dinge nie. Hy is nie 'n baster nie; nee. Hy is 'n arend.

88 Toe, nadat jy die einste Woord van God herken het as Arend Voedsel, toe het jy die ander ding verlaat. Jy is toe gevorm in die lewende beeld van die lewende God. Jy het van jou teofanie gehoor. "Wanneer hierdie aardse tentwoning afgebreek word, wag daar reeds een."

Jy sê: "Is dit so, Broer Branham?"

Goed, laat ons 'n paar arende neem en vir 'n paar minute na hulle kyk. Daar was 'n naam, man genaamd Moses. Almal weet dat 'n profeet die arend genoem word in die Bybel.

89 Daar was 'n profeet genaamd Moses. En eendag het God hom geroep, en wou hom nie die land laat oorsteek nie, en hy—hy het op die rots gesterf. Die Engele het hom weggeneem en het hom begrawe.

Daar was nog 'n man, 'n arend, wat selfs nie hoef te gesterwe het nie. Hy het net oor die Jordaan gestap, en God het 'n wa afgestuur; en hy het hierdie kleed van vlees laat val, en opgestaan en die ewigdurende prys gegryp.

Agthonderd jaar later, agthonderd jaar later, op die Berg van Verheerliking, het hierdie twee manne gestaan. Moses se liggaam was verrot vir honderde jare, maar hier was hy in so 'n vorm dat selfs Petrus, Jakobus en Johannes hom herken het. Amen! "Wanneer hierdie aardse tentwoning afgebreek word," as jy 'n eienskap van God uitgedruk hier op aarde is: "het jy 'n liggaam wat wag nadat jy hierdie wêreld verlaat." Daar was hulle, gestaan op die Berg van Verheerliking, in hulle teofanie. Want, hulle was profete na wie die Woord gekom het.

90 Laat ons ook 'n ander profeet oplet, eenkeer, met die naam van Samuel. Hy was 'n groot man. Hy het Israel onderrig; hulle gesê dat hulle nie 'n koning moes hê nie. Hy het gesê: "Het ek ooit een ding vir julle gesê in die Naam van die Here behalwe wat gebeur het nie?"

Hulle het gesê: "Nee. Alles wat jy altyd in die Naam van die Here gesê het, het gebeur.

Hy was 'n profeet, en hy het gesterf.

91 Omtrent drie of vier jaar later, het die koning in die moeilikheid beland; dit was voordat die Bloed van Jesus Christus nog gestort was. Hy was in die paradys. En 'n heks van Endor het iemand opgeroep om te kom en Saul te troos. En toe die heks hom gesien opstaan het, het sy gesê: "Ek sien god opkom uit die aarde."

92 En nadat die man dood was, begrawe, en verrot het in die graf, hier het hy daar in daardie grot gestaan, met sy profete kleed aan; en was steeds 'n profeet, amen, want hy het gesê:

"Hoekom het jy my verontrus, terwyl jy 'n vyand van God geword het?" Kyk hoe hy profeteer. "Môreaand, hierdie tyd, sal jy met my wees." Hy was steeds 'n profeet, al was hy uit hierdie liggaam.

Sien, hy het hier gekom en was deel van daardie Woord, en hy het van die vleeslike lewe teruggegaan in die liggaam wat voor die grondlegging van die wêreld vir hom berei was. Hy het in die teofanie ingegaan, wat die Woord was. Begryp julle dit? Dis waarnatoe alle gelowiges gaan, wanneer ons hier weggaan.

93 Dan, in daardie vorm, word die sluier dan gelig. Jy sien, jy is die Woord, ook, wanneer jy daar ingaan. Soos 'n babatjie; soos ek 'n rukkie gelede gesê het . . .

94 Let nou op. Prys God vir hierdie Seëls wat oopgaan, is my gebed, om hierdie dinge te weet!

95 Nou kom die ware openbaring van Melgisédek in sig. Wat? Hy was God, die Woord, voordat Hy vlees geword het; God, die Woord. Want, Hy moes wees; niemand anders kon onsterflik wees soos Hy nie. Sien, ek het vader en moeder gehad; jy het ook. Jesus het vader en moeder gehad. "Maar hierdie Man het geen vader, of geen moeder gehad nie." Jesus het 'n tyd gehad toe Hy begin het; hierdie Man het nie. Jesus het Sy lewe gegee; hierdie Man kon nie want Hy was Lewe. En dis dieselfde Man die hele tyd. Ek hoop God openbaar dit aan jou. Dieselfde Persoon, die hele tyd.

96 Let op na Sy titel: "Koning van geregtigheid." Nou, Hebreërs 7:2: "Koning van die geregtigheid en Koning van vrede." Hy is twee konings. Hou nou dop, Hebreërs 7:2: "Koning van geregtigheid, ook die Koning van vrede." Hy is twee konings daar. Nou sedert Hy in die vlees gekom het en Sy liggaam opgeneem het, in Openbaring 21:16, word Hy genoem: "Die Koning van konings." Hy is aldrie van hulle saam. Sien, Koning God, Koning Teofanie, Koning Jesus. "Hy is Koning van die konings."

Dit het alles ontmoet, net soos siel, liggaam, en gees, alles bymekaarkom om een te maak.

97 Ook, Hy is Vader, wat die eerste was; Seun; en Heilige Gees, die Gees.

"Koning van die geregtigheid," die Gees eienskap; teofanie, "Koning van—van vrede," teofanie; en was in vlees "Koning van konings," dieselfde Persoon.

98 Toe, die teofanie, Moses Hom gesien het, Eksodus 33:2, was Hy 'n teofanie. Moses wou God gesien het. Hy het Sy stem gehoor, het Hom gehoor praat met hom, het Hom in 'n bos daar gesien, soos 'n groot Vuurkolom. En hy het gesê: "Wie is U? Ek wil weet Wie U is." Moses het gesê: "Ek sal sit . . ." "As U my u sou laat sien, ek sou graag U gesig wou sien."

99 Hy het gesê: "Geen mens kan My gesig sien nie." Hy het gesê: "Ek sal My hand oor jou oë sit, en Ek sal verbygaan. En jy kan My rug sien, maar nie My gesig nie." Sien? En toe Hy dit gedoen het, was dit die rug van 'n Man; dit was 'n teofanie. Toe die Woord wat na Moses toe gekom het: "EK IS," dit was die Woord. Die Woord het na Moses gekom in die vorm van 'n Vuurkolom in 'n brandende bos, die "EK IS."

100 Soos die Woord van die teologie . . . van die teofanie, liewer. Verskoon my. Hy het na Abraham as 'n Man gekom, onder die eikeboom. Nou kyk daarna. Daar het 'n Man na Abraham toe gekom, drie van hulle en onder 'n eikeboom gaan sit, drie van hulle. En let op, nadat Hy met Abraham gepraat het . . .

101 Hoekom het Hy gekom? Abraham was die een met die belofte en die boodskap van die komende seun, en ook was hy God se Woordprofeet wat in God se Woord vertrou het, enigiets teenstrydig genoem asof dit nie was nie. Sien hoe perfek die Woord is? Die Woord het na die profeet gekom. Sien, daar was God in 'n teofanie. En die Bybel het gesê: "Die Woord kom na die profeet." En hier was die—die Woord in die teofanie.

Nou sê jy: "Was dit God?"

102 Abraham het gesê dit was. Hy het gesê Sy naam, was, hy het Hom Elohim genoem. Nou in Génesis 1, vind jy uit: "In die begin het *Elohim* die hemele en die aarde gemaak." In Génesis 18, vind ons uit dat—dat Abraham hierdie Persoon genoem het . . . wat daar gesit het en met hom gepraat het, en wat hom die geheime van sy hart kon vertel, hom kon vertel wat Sara agter Hom gedink het. Abraham het gesê: "Dit is Elohim." Hy was in 'n teofanie vorm. Begryp julle dit? Let op na . . .

103 Nou vind ons uit dat Hy toe in die teofanie vorm was. Hy het Hom: "Here God, Elohim" genoem. Nou, in Génesis 18, vind ons dat dit waar is.

104 Nou let op na Abraham. Daar was drie van hulle bymekaar, maar toe Abraham die drie ontmoet het, het hy gesê: "My Heer."

Maar toe Lot, onder in Sodom; twee van hulle het daarnatoe afgegaan, en Lot het twee van hulle gesien kom, en hy het gesê: "My here." Sien, wat was die probleem? Die eerste plek, Lot was nie 'n profeet nie, dis reg, nóg was hy die boodskapper van die uur, dus het hy nie enige openbaring van Hom gehad nie. Dis presies so. Lot kon hulle "here" noem. 'n Dosyn van hulle, kon hy steeds gesê het: "here."

Maar ongeag hoeveel Abraham gesien het, Dit was steeds een Heer. Daar is God. Dit was die Melgisédek.

105 Let op, nadat die geveg verby was, het Melgisédek Sy seëvierende kind nagmaal bedien; dink daaraan, deel van

Homself! Nou ons wil hier sien. In tipe hier is, ten aanskoue, die nagmaal. Na die geveg, gee Hy van Homself, want die nagmaal is deel van Christus. En na die stryd verby is, nadat jy gedaan is, dan is wanneer jy deelneem aan Christus, deel word van hierdie Wese. Begryp julle dit?

106 Jakob het die hele nag geworstel, en wou Hom nie loslaat totdat Hy hom geseën het nie. Dis reg. Geveg vir Lewe! En na die stryd verby is, dan gee God jou van Homself. Dit is Sy ware nagmaal. Die bietjie brood en wafel stel Dit net voor. Jy behoort dit nie te neem tensy jy dit uitgeworstel het en deel van God geword het nie.

107 Onthou, op hierdie tydstip, was die nagmaal nog glad nie ingestel nie, nie tot voor die dood van Jesus Christus, honderde en honderde en honderde jare later nie.

108 Maar Melgisédek, nadat Sy kind Abraham die oorwinning behaal het, het Melgisédek hom ontmoet en hom wyn en brood gegee; gewys dat nadat hierdie aardse stryd verby is, ons Hom in die hemele sal ontmoet en weer die nagmaal sal neem. Dit sal die Bruilofsmaal wees. "Ek sal nooit meer van die vrug van die wynstok drink nie, of die vrug eet nie, tot ek dit met julle nuut sal eet en drink in die Koninkryk van My Vader." Is dit reg?

109 Let weer op, Melgisédek het gegaan om Abraham te ontmoet voordat hy by die huis gekom het. Wat 'n pragtige tipe het ons hier! Melgisédek wat Abraham ontmoet voordat hy by die huis gekom het, na die stryd.

Ons ontmoet Jesus in die lug, voordat ons by die Huis kom. Dis reg. Tweede Thessalonicense vertel ons dit, want: "ons ontmoet Hom in die lug." 'n Pragtige tipe van Rebekka wat Isak ontmoet, in die veld, in die koelte van die dag. "Ons ontmoet Hom in die lug." Tweede Thessalonicense vertel ons so. "Dat ons wat in die lewe oorbly, die ontslapenes hoegenaamd nie vóór sal wees nie; want die basuin van God sal blaas; en die wat in Christus gesterf het sal eerste opstaan; ons wat in die lewe oorbly sal saam met hulle weggevoer word, die Here tegemoet in die lug." Perfek, al hierdie tipes.

110 Daarom, die teofanie, as jy gesterf het en in daardie teofanie ingegaan het, (wat gebeur?) kom die teofanie na die aarde om die verloste liggaam op te tel. En as jy hier in die lug is, neem jy die liggaam om die teofanie te ontmoet, daar is dit, "en weggevoer word die Here tegemoet in die lug."

111 Wie is hierdie Melgisédek anders as God!

112 Nou sien ons hier duidelik die volle geheim van ons lewens op reis, en dood, en waarnatoe ons gaan nadat ons sterf. Ook, voorbestemming is hier duidelik te sien. Luister nou aandagtig soos ons dit uiteensit.

113 Die staduims van—van die Ewige doel wat Hy in Sy geheimenis gehad het, is nou geopenbaar. Let op, daar is steeds drie stadiums na volmaaktheid. Net soos Hy die wêreld verlos, op dieselfde manier verlos Hy Sy Kerk. Hy verlos die mense in drie stadiums. Kyk nou. Eerste is regverdigmaking, soos Luther gepreek het; tweedens, heiligmaking, soos Wesley gepreek het; derdens, doping van die Heilige Gees. Dis reg. Dan kom die Wegraping!

114 Nou, die wêreld, hoe het Hy die wêreld verlos? Die eerste wat Hy gedoen het, toe dit gesondig het, was dat Hy dit afgewas het in 'n waterdoop. Dis reg. Toe het Hy Sy bloed daarop laat drup van die kruis af, en dit geheilig en dit Sy Eie genoem. En wat doen Hy toe? Soos Hy alles van die wêreld uit jou geskeur het, en die hele ding vernuwe het met die vurige doop van die Heilige Gees, so sal Hy ook die wêreld vernuwe. En dit sal verbrand word met Vuur, en elke kiem skoonmaak, vir miljoene myl hoog; elke ding sal skoongemaak word. En dan is daar 'n Nuwe Hemel en 'n Nuwe Aarde, net soos jy 'n nuwe skepsel in Christus Jesus is wanneer die Heilige Gees jou beetkry. Sien, daar is dit, die hele ding is net so duidelik as wat dit kan wees. Alles is in drie.

115 Die natuurlike geboorte is in drie. Wat is die eerste ding wat met 'n vrou gebeur wanneer sy 'n baba kry? Wat breek eers? Water. Wat breek volgende? Bloed. Wat is die volgende proses? Lewe. Water, bloed, gees.

Wat gebeur met die plant? Verrot. Wat is die eerste ding? Stam. Wat is die volgende? Blaar. Wat is die volgende? Dop. Dan kom die graan daaruit. Net die drie stadiums daarvan, tot dit by die graan kom. Dis presies.

116 God bevestig dit. Dit was nog altyd reg. God bevestig dit as waar. Dit wys duidelik; die voorbestemde is die enigste een wat in aanmerking geneem word in verlossing. Het julle dit begryp? Laat my dit weer sê. Die voorbestemde is die enigste een wat in aanmerking geneem word in verlossing. Mense kan so maak asof, dink hulle is, maar die ware verlossing is hulle wat voorbestem is. Want, die einste woord *verlos* beteken "om terug te bring." Is dit reg? Die *verlos* is iets . . . Om enigiets te *verlos*, is, "bring dit terug na die oorspronklike plek." Halleluja! So dis net die voorbestemdes wat teruggebring sal word, want die ander het nie Daarvandaan gekom nie. Sien, "terug bring!"

117 Ewig saam met Hom, aan die begin . . . Die Ewige Lewe wat jy gehad het, Sy gedagte van wat jy was, net, Hy wou jou gehad het om . . . Hy wou, sê, my gehad het om op die preekstoel te staan. Hy wou jou gehad het om in die sitplek te sit, vanaand. Dan dien ons Sy Ewige doel. En die een wat die huis verlaat het, het net aarde toe gekom om Sy doel te dien. Is

dit reg? Goed. Dan, nadat dit verby is, word dit teruggebring in 'n verheerlikte toestand; dis volwasse gemaak en weer teruggebring.

118 Geen wonder dat Paulus kon sê, toe hulle 'n blok gebou het om sy kop af te kap; hy gesê het: "O dood, waar is jou angel? O graf, waar is jou oorwinning? Maar dank aan God wat ons die oorwinning gee!" Hy het gesê: "Dood sê my waar jy my kon laat skree! Graf, sê my hoe gaan jy my vashou! Want, ek is 'n besitter van die Ewige Lewe." Amen! Hy het dit besef. Dood, hel, graf, niks kon hom hou nie. En niks kan ons seermaak nie, besit Ewige Lewe! Hy het besef dat hy geseënd was met die Ewige Lewe.

119 Net soos 'n doudruppeltjie. Soos ek verstaan, dis . . . Ek weet nie veel van chemie nie. Maar, dit moet wees dat dit die—die stolling van vogtigheid of atmosfeer is. En wanneer die nag koud en donker word, val dit uit die hemele en drup op die grond. Dit het van iewers af geval. Maar die volgende oggend voor die son opkom, lê dit daar, die klein kêreltjie, bewende. Maar laat die son net opkom, kyk hoe dit begin skitter. Dis gelukkig. Hoekom? Die son gaan dit reguit terugroep na waar dit vandaan kom.

En so is dit met 'n Christen. Halleluja! Ons weet wanneer ons in die Teenwoordigheid van God uitstap, iets in ons sê dat ons van iewers kom, en ons gaan weer terug deur daardie Krag wat ons aantrek.

120 Die doudruppeltjie, hy glinster en skyn en skree, want hy weet hy kom van daarbo, en daardie son gaan hom weer reguit terug optrek.

En 'n man wat 'n eienskap van God is, gebore uit God, weet, halleluja, wanneer hy in aanraking met die Seun van God kom, gaan hy eendag opgetrek word van hier af. "As Ek van die aarde verhoog word, sal Ek almal na My toe trek." Amen!

121 Let nou op, nou, ons sien Melgisédek en hoekom Maria nie Sy moeder was nie. Dis hoekom Hy haar "vrou" genoem het, nie *moeder* nie. "Hy het geen vader," want Hy was die Vader, die ewigdurende Vader, die drie in die Een. "Hy het geen moeder," sekerlik nie. Hy het geen vader gehad nie, Hy was die Vader. Soos die digter eenkeer gesê, 'n groot kompliment aan Jesus gegee, hy het gesê:

> EK IS wat met Moses in die brandende bos van vuur gepraat het,
> EK IS die God van Abraham, die Blinkende Môrester.
> EK IS Alpha, Omega, die begin van die end.
> EK IS die hele skepping, en Jesus is die Naam. (Dis reg.)

O, wie sê julle wie is Ek, en waarvandaan sê hulle kom Ek,
Ken julle My Vader, of kan julle sê wat Sy Naam is? (Halleluja!)

122 Dis die Vader se Naam! Ja, "Ek het in My Vader se Naam gekom, en julle het My nie ontvang nie." Sien? Sekerlik, Hy is dieselfde, gister, vandag, en vir altyd.

123 En hierdie Melgisédek het vlees geword. Hy het Homself geopenbaar as Seun van die mens toe Hy gekom het, as 'n Profeet. Hy kom in drie name van 'n Seun; die Seun van die mens, die Seun van God, die Seun van Dawid.

124 Toe Hy hier op aarde was, was Hy 'n Man, om die Skrif te vervul. Moses het gesê: "Die Here julle God sal 'n Profeet soos ek oprig." Dus moes Hy kom as 'n Profeet. Hy het nooit gesê: "Ek is die Seun van God" nie. Hy het gesê: "Ek is die Seun van die mens. Glo julle die Seun van die mens?" Want, dis waarvan Hy moes getuig, want dis wat Hy was.

Nou het Hy in 'n ander seun se Naam gekom, Seun van God; die onsienlike, die Gees.

En wanneer Hy weer kom, is Hy Seun van Dawid, om op Sy troon te sit.

125 Nou, toe Hy hier was en vlees gemaak was, was Hy "die Seun van die mens" genoem. Nou, hoe het Hy Homself aan die wêreld bekend gemaak as Seun van die mens, die Profeet?

126 Eendag het ek 'n storie van Petrus en Andreas, sy broer vertel. Hulle was vissers, en hulle vader Jonas was 'n ou groot gelowige. Eendag het hulle gesê hy het gaan sit op die kant van die boot. Hy het gesê: "Seuns, julle weet hoe ons gebid het, toe ons vis nodig gehad het." Hulle was kommersiële vissers. Hy het gesê: "Ons het God, Jehova, vertrou vir ons lewensonderhoud. En ek begin nou oud word; ek kan nie baie langer by julle seuns wees nie. En ek het altyd, soos alle ware gelowiges, uitgekyk vir die tyd dat die Messias sal kom. Ons het allerhande valses gehad, maar daar kom 'n ware Een, eendag." En hy het gesê: "Wanneer hierdie Messias kom, wil ek nie hê dat julle seuns moet verlei word nie. Hierdie Messias sal nie net 'n teoloog wees nie. Hy sal 'n Profeet wees, want ons profeet Moses, wie ons volg, hy het gesê."

Nou, enige Jood sal sy profeet glo. Hy is geleer om dit te weet. En as die profeet iets sê wat so is, dan is dit die waarheid. Maar God het gesê: "As daar een onder julle is, wat geestelik is of 'n profeet, sal ek die Here, Myself aan hom bekendmaak. En as dit gebeur wat hy sê, luister na hom en vrees hom; maar as dit nie gebeur nie, vrees hom dan glad nie." Sien? So dit was die—die bewys van die profeet.

127 "So was Moses waarlik 'n bevestigde profeet, en hy het gesê: 'Die Here julle God sal vir julle 'n Profeet verwek uit julle

broeders net soos ek is; en elke siel wat nie na hom luister nie, sal uit die volk uitgeroei word.'" Hy het gesê: "Nou, kinders, onthou dat, as Hebreërs ons God se bevestigde profete glo." Luister nou goed. Moet dit nie mis nie. En hy het gesê: "Wanneer die Messias kom, sal julle Hom ken, want Hy sal 'n Profeet—Messias wees. Nou sê hulle dat dit reeds vierhonderd jaar is. Ons het nog nie 'n profeet sedert Maleági gehad nie, maar hy sal kom!"

128 Eendag, na sy dood, 'n paar jaar, het sy seun Andreas langs die oewer af gaan wandel. En hy het 'n wilde man uit die wildernis gehoor sê: "Daardie Messias staan nou onder julle!" Daardie groot arend wat opgerys het oorkant in die wildernis en daarnatoe gevlieg het, het gesê: "Die Messias is nou reg tussen julle. Ons ken Hom nog nie, maar Hy staan tussen julle. Ek sal Hom ken, want ek sal 'n teken sien kom uit die Hemel."

Eendag het hy gesê: "Kyk, daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!"

Weg het die . . . het hierdie man gegaan, om sy broer te kry. Hy het gesê: "Simon, ek wil hê jy moet hiernatoe kom; ons het klaar die Messias gevind."

"Ag, loop, Andreas! Jy weet beter as dit!"

"Ag, ek weet. Maar, daardie, hierdie Man is anders."

"Waar is Hy? Waar het Hy vandaan gekom?"

"Jesus van Nasaret."

"Daardie klein, bose stadjie? Tog, Hy kon nie van so 'n bose, vuil plek soos daardie kom nie."

"Kom jy net kyk."

129 Uiteindelik het hy hom oorgehaal om een dag af te kom. So toe hy voor hierdie Messias kom, Jesus wat daar staan en praat met die mense. Toe hy opgestap het tot voor Hom, het Hy gesê: "Jou naam is Simon, en jy is die seun van Jonas." Dit het dit gedoen. Hy het die sleutels na die Koninkryk gekry. Hoekom? Hy het geweet dat daardie Man hom nie geken het nie. En hoe het Hy hom geken, en daardie goddelike ou vader wat hom geleer het hoe om die Messias te glo?

130 Daar was 'n man wat daar gestaan het, met die naam van Filippus. O, hy het baie opgewonde geword! Hy het 'n ander man geken saam met wie hy die Bybel bestudeer het. Hy het weggegaan, om die heuwel, en daar het hy hom gevind buite in sy olyfboord. Hy het neergekniel, gebid. Hulle het baie Bybellesse saam gehad, so hulle het soontoe gegaan. En hy het gesê, nadat hy klaar gebid het, het hy gesê: "Kom, kyk wie ons gevind het; Jesus van Nasaret, die seun van Josef, Hy is die Messias waarna ons soek."

Nou kon ek Natanael hoor sê: "Nou, Filippus, jy het nie oorboord gegaan nie, het jy?"

131 "O, nee. Nee. Nou laat ek jou vertel. Jy weet, ons het die Bybel saam bestudeer, en wat het die profeet gesê sal die Messias wees?"

"Hy sou 'n Profeet wees."

"Onthou jy daardie ou visserman van wie jy die vis gekoop het, wat nie genoeg opleiding ontvang het om sy naam te teken nie, wat Simon genoem word?"

"Ja. Uh—huh."

132 "Hy het gekom. En weet jy wat? Hierdie Jesus van Nasaret het hom gesê dat sy naam Simon was en sy naam na Petrus toe verander, wat 'klein rots' is, en het hom gesê wie sy pappa was."

"Wel," het hy gesê—het hy gesê: "Ek weet nie. Kan enigiets goeds uit Nasaret kom?"

133 Hy het gesê: "Laat ons nie daaroor praat nie; kom net kyk." Dis 'n goeie idee: "Kom kyk."

So hier kom Filippus, en bring vir Natanael. En toe hy opgestap kom, Jesus wat moontlik gestaan, en gespreek het, moontlik vir die siekes gebid in die gebedslyn. En toe hy kom tot waar Jesus was, het Jesus omgekyk na hom, en gesê: "Hier is 'n Israeliet in wie geen bedrog is nie."

134 Nou, julle sou sê: "Wel, dit was die manier waarop hy aangetrek was." O, nee. Alle oosterlinge trek op dieselfde manier aan. Hy kon 'n Siriër gewees het, of enigiemand anders; baard, kleed.

135 Hy het gesê: "Hier is waarlik 'n Israeliet in wie daar geen bedrog is nie," met ander woorde, "'n eerlike, opregte man."

Wel, dit het soort van die wind uit Natanael se seile geneem. En hy het gesê: "Rabbi," wat "leraar" beteken. "Rabbi, waarvandaan ken U my? Hoe het U geweet ek is 'n Jood? Hoe het U geweet dat ek eerlik was, geen bedrog?"

136 Hy het gesê: "Voordat Filipus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het ek jou gesien." Uh! Vyftien myl weg, aan die ander kant van die land, die dag tevore.

Wat het hy gesê? "Rabbi, U is die Seun van God. U is die Koning van Israel!"

137 Maar daar het daardie priesters daar gestaan, selfgemaakt, en self—verstyfd, en gesê: "Hierdie man is Beëlsebub, 'n fortuinverteller."

Jesus het gesê: "Ek vergewe julle daarvoor."

138 Nou, onthou, hulle het dit nie hardop gesê nie, maar hulle het dit in hulle harte gesê. "En Hy het hulle gedagtes onderskei." Dis reg. Dis wat die Bybel sê. Noem dit *telepatie* as jy wil, maar Hy—Hy het hulle gedagtes onderskei.

139 En Hy het gesê: "Ek vergewe julle daarvoor. Maar eendag gaan die Heilige Gees kom en hierdie selfde ding doen," na Sy vertrek; "praat een woord Daarteen, en dit sal nooit vergewe word in hierdie wêreld of die wêreld wat kom nie." Is dit reg? [Gemeente: "Amen."—Rd.] Nou, dit was Jode.

Toe eendag het Hy 'n behoefte gehad om na Samaria te gaan. Maar net voor ons dit doen, vind ons die vrou, of die . . .

140 Die man, soos hy deur die Skone Poort gegaan het, wat gesond geword het. En Jesus was bekend met sy toestand, en het vir hom gesê: "Neem jou bed op en gaan huis toe." En hy het dit gedoen, en gesond geword.

Toe vind ons uit, die Jode, sommige van hulle het Hom ontvang. Sommige het dit geglo; sommige het nie. Hoekom het hulle dit nie geglo nie? Hulle was nie bestem vir Lewe nie. Hulle was nie deel van daardie eienskap nie.

141 Onthou nou, daardie was priesters en groot manne. En Jesus . . . Dink aan daardie teoloë en priesters, mense in wie se lewens nie 'n fout gevind kon word nie. Jesus het gesê: "Julle is van julle vader, die duiwel, en sy werke doen julle." Gesê: "As julle van God was, sou julle My geglo het. As julle My nie glo nie, glo die—glo die werke wat Ek doen; hulle getuig Wie Ek is."

142 Nou, die Bybel het gesê, dat: "Jesus is dieselfde gister, vandag, en vir altyd." Jesus het gesê: "Die werke wat Ek doen sal dié wat in My glo ook doen." Dit reg? Let op, dit was nou die ware Melgisédek.

143 Nou let weer op, daar was net drie rasse mense.

Julle het my hoor sê dat ek 'n segregasionis was. Ek is. Alle Christene is segregasioniste; nie segregasie van kleur nie, maar segregasie van gees. Die kleur van 'n man se vel het niks met hom te doen nie. Hy is 'n kind van God deur Geboorte. Maar 'n Christen, God het gesê: "Sonder vir My af!" "Kom onder hulle uit," ensovoorts. Hy is 'n segregasionis, van vuilheid, tussen reg en verkeerd.

144 Maar let op, hulle het toe 'n segregasie gehad, 'n rasse segregasie, wat die Samaritane was.

En daar is net drie rasse mense op die aarde; as ons die Bybel glo; dit is, Gam, Sem, en Jafet se mense. Dis die drie seuns van Noag. Ons het almal van daar af ontspring. Dis reg. Dit maak ons almal terug van Adam af, wat ons almal broers maak. Die Bybel het gesê: "Uit een bloed het God alle nasies geskape." Ons is almal broers, deur die bloedstroom. 'n

Gekleurde man kan 'n wit man 'n bloedoortapping gee, of omgekeerd. Die wit man kan die—die Japannees, geel man, of die Indiaan, die rooi man, of wat ook al, of 'n Javaneet, of wat ook al, hy kan hom 'n bloedoortapping gee, want ons is almal dieselfde bloed. Die kleur van ons vel, waar ons gewoon het, het niks daarmee te doen nie.

Maar wanneer ons gesegregeer is, is wanneer ons uit die wêreld gekom het, soos Hy Israel op uit Egipte gebring het. Dis wanneer ons gesegregeer is van die dinge van die wêreld.

145 Nou, hulle was Gam, Sem, en Jafet se mense. En as ons tyd gehad het om die stambome na te gaan, sou julle die Anglo—Sakser kon sien, waar hy vandaan kom. Nou, dit was die Jood. . . Die Samaritaan, wat half Jood en Heiden was, wat ondertrou het met die Heidene by Balak se doenighede, en Moab. Hulle was Samaritane. En daar was Jode en Heidene.

Nou, ons Anglo—sakse het niks te doen gehad met enigiets daarvan nie. Ons het nie in enige Messias geglo, of enigiets anders nie. Ons het nie een gesoek nie. Ons is later ingebring.

Jesus het na Sy Eie gekom, en Sy Eie het Hom nie ontvang nie. En Hy het vir Sy dissipels gesê: "Moenie in die weg van die Heidene gaan nie, maar gaan eerder na die verlore skape van Israel." En Hy het net na die verlore skape van Israel gegaan. En kyk, Hy het Homself as die Seun van die mens bewys, voor die Jode. Hulle het Dit afgewys.

Nou, die Samaritaan, wat half Jood en Heiden was, hulle het ook geglo, en het gesoek vir 'n Messias.

Ons het nie. Ons was heidene, met knuppels op ons rug, afgode aanbid; die Heiden.

146 Maar nou eendag, Johannes 4, het Hy behoefte gehad om verby Samaria te gaan, op Sy pad af na Jérigo. Maar het bo na Samaria gegaan. En terwyl Hy daarnatoe opgegaan het, het Hy gaan sit op die put buitekant die stad Sigar. En die put, as julle al ooit daar was, is 'n klein panorama, omtrent soos hierdie hier. En daar was 'n openbare fontein van water daar, waarnatoe hulle almal gekom het. En die vroue het soggens gekom, hulle kanne water gekry, en dit op hul kop gesit, en een op elke heup, en net so reguit as kan daarmee gestap, nooit 'n druppel gemors nie; met mekaar gepraat. So, sou hulle, die mense sou daarnatoe gaan.

147 So dit was omtrent elfuur in die dag. So Hy het sy dissipels in die stad ingestuur om benodighede, kos te koop. En terwyl hulle weg was. . .

148 Daar was 'n vrou wat berug was. Ons sou haar vandag 'n rooilig vrou, of prostituut noem. Sy het te veel mans gehad. So terwyl Jesus daar gesit het, het hierdie vrou ongeveer elfuur uitgekom. Sien, sy kon nie saam met die maagde kom wanneer

hulle in die oggend kom om hulle waswater te kry nie; sy moes wag tot hulle almal. . . Hulle het nie gemeng soos hulle dit nou doen nie. Sy was gemerk. So toe kom sy uit om bietjie water te kry, so sy het net die ou slinger geneem, en die hake oor die pot gesit, en begin om dit neer te laat.

Sy het Iemand hoor sê: "Vrou, bring vir My water." Nou, onthou, dit is Melgisédek. Dit is Jesus, gister, die Seun van die mens.

149 En sy het omgekyk, en sy het 'n Jood gesien. Dus het sy gesê: "Meneer, dis nie reg vir 'n Jood om 'n Samaritaan enigiets te vra nie. Ek is 'n vrou van Samaria, so U het uit U plek gepraat. U moes my nie so 'n ding soos dit gevra het nie. Ons het niks met mekaar te doen nie."

150 Maar Hy het gesê: "Maar as jy weet Wie dit is wat met jou praat, sal jy My vir Water vra."

Sy het gesê: "Hoe gaan U dit trek? Die put is diep en U het niks om mee te trek nie."

151 Hy het gesê: "Die water wat Ek gee is Water van die Lewe wat opspring tot die Ewige Lewe."

Hy het met haar gepraat tot Hy uitgevind het wat haar toestand was. En toe is. . . Kyk wat Hy nou vir haar gesê het: "Gaan haal jou man en kom hier."

En sy het gesê: "Ek het geen man nie."

152 Hy het gesê: "Jy het die waarheid gepraat, want jy het vyf gehad, en die een wat jy nou mee saamleef is nie joune nie. So, hierin, het jy die Waarheid gepraat."

Kyk na die verskil tussen daardie vrou en daardie klomp priesters. Sy het meer van God geweet as daardie hele klomp priesters, saam.

153 Sy het gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n Profeet is." Sy het gesê: "Ons het nie een vir vierhonderd jaar gehad nie. Nou, ons weet dat die Messias kom. En wanneer die Messias kom, is dit wat Hy gaan doen." Dit was die teken van die Messias, want Hy was die Seun van die mens. Gesê: "Dis wat Hy gaan doen wanneer Hy kom. U moet Sy profeet wees."

154 Hy het gesê: "Ek is Hy." Niemand anders kon dit sê nie.

155 Sy het haar waterpot laat val en in daardie stad ingehardloop, en gesê: "Kom, kyk na 'n Man Wat my vertel het wat ek gedoen het. Is dit nie die einste Messias nie?"

Onthou nou, Hy het belowe om daardie selfde ding te doen aan die einde van die Heidense geslag.

Die Jode het vierduisend jaar gehad om vir daardie Messias te soek, vierduisend jaar van onderig dat Hy kom, en wat Hy sou doen wanneer Hy daar gekom het, en hulle kon Hom nie sien nie, of kon dit nie herken nie. En toe Hy Hom

bekendgemaak het in die einste Bybel terme wat hy gesê het Hy sou, nadat Hy 'n teofanie was en toe vlees geword en onder hulle gewoon het, kon hulle dit nie sien nie, en het Sy werke die werke van die duiwel genoem.

156 Nou, ons het, tweeduisend jaar van onderig gehad, wat afgekom het deur die Rooms Katolieke kerk, ná die apostels. Toe kom ons af deur die Rooms Katoliek, die Grieks ensovoorts, aan af na die eeu van Luther, en Wesley, wat ook al, negehonderd verskillende organisasies, soos dit afkom. Hulle het al hierdie eeue se onderig gehad.

Nou, Hy het belowe, net voor die eindtyd sou kom, dat die prentjie van Sodom en Gomorra weer sou: "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees in die koms van die eindtyd, wanneer die Seun van die mens Homself weer sal openbaar." [Leë kol op die band.—Rd.]

"Nog 'n klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie; maar julle sal My sien, want Ek," 'n persoonlike voornaamwoord, "Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot die voleinding, die einde van die wêreld. Ek sal met julle wees." Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Sien julle?

157 Julle sien, die *Samaritaan* was, eintlik van my preek gisteraand, was Hagar, sien, 'n verdraaide tipe. Die *Jood* was Sara, of was Sara—iet. Maar die *Heiden* is van Maria, die Koninklike Saad, Abraham se Koninklike Saad.

158 Nou is dit belowe dat in hierdie laaste dae, dat, hierdie selfde God, hierdie selfde Christus, hier sou terugkom en Homself as die Seun van die mens openbaar.

Hoekom? Hy is dieselfde gister, vandag en vir altyd. En as Hy die Jode laat wegkom het met, en hulle daardie Messiaanse teken gegee het, en dan aan die einde van die Heidene se onderrig kom en hulle net laat ingaan op teologie, sou Hy onregverdig wees. Hy sal dieselfde ding moet doen, want die Bybel het gesê, in der—. . . Hebreërs 13:8: "Hy is dieselfde."

En Hy het in Maleági 4 belowe, en al die verskillende Skrifte, dat, die laaste dae, die kerk sou net presies so wees soos dit vandag is, en die wêreld sou so wees.

159 Kyk na die wêreld vandag. Kyk na die Sodom toestand. Kyk na die aardbewings op verskillende plekke, en die dinge wat plaasvind. Kyk na die kerk en die gemors waarin dit is, van Babilon. Kyk na die boodskapper daaraan, 'n Oral Roberts en Billy Graham.

G—r—a—h—a—m, eerste keer dat ons ooit 'n boodskapper gehad het, na al die kerke, dat sy naam eindig op h—a—m, soos Abraham. A—b—r—a—h—a—m is sewe letters. G—r—a—h—a—m is ses letters. Waar is hy? Aan die wêreld. Ses is die mens se getal. Die mens was op die sesde dag geskape. Maar sewe is God se getal.

160 Nou kyk na hulle daaronder in Sodom. En daar is hulle boodskappers daaronder wat met hulle praat.

Maar dan, waar is daardie koninklike Saad van Abraham? Waar is hulle teken, wat Hy gesê het? "Soos dit was in die dae van Sodom," dat God afgekom het en in vlees gemanifesteer was, en gesê het wat Sara agter in haar hart gedink het, in die tent agter Hom, die laaste teken voordat die Heidenwêreld deur vuur vernietig is. En die kerk het haar laaste teken gekry voor die hele wêreld vernietig gaan word, hierdie Heidense koninkryk vernietig word deur die vuur en gramskap van God. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Rd.]

161 Daardie Melgisédek was vlees, Homself voorgestel in 'n menslike liggaam; en toe later was Hy vlees gemaak. En nou, vanaand, is Hy dieselfde, gister, vandag, en vir altyd. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Rd.]

162 Wie is hierdie Melgisédek, dan, wat dieselfde gister, vandag . . . "Geen vader gehad nie, geen moeder gehad nie; Hy het geen begin van dae, hy het geen einde van lewe gehad nie." En Hy het Abraham ontmoet, en watter soort teken het hy gedoen? Toe Hy vlees gemaak was, het Hy gesê dat dit net voor die eindtyd weer herhaal sou word. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Rd.] Ek glo dit. ["Amen."]

Laat ons bid.

163 Dierbare God, ek glo die Skrifte, dat U gesê het U is "dieselfde gister, vandag, en vir altyd." En so opreg in my hart, Heer, ek weet dat iets gaan gebeur. Ek kan dit nie presies identifiseer nie. Ek is bang om iets te sê, Heer. U ken die hart van U dienaar.

164 En hoeveel keer, af deur die eeu wanneer U dinge gestuur het, het mense dit nie gesien nie. Die mens is gedurig besig om God te prys vir wat Hy gedoen het, en sê watter groot dinge Hy gaan doen, maar ignoreer wat Hy doen. So was dit deur die eeu. Hoekom het die Roomse kerk nie vir Sint Patrick as God se profeet gesien nie? Hoekom het hulle Jeanne d'Arc doodgemaak, terwyl sy 'n—'n profetes was, en haar as 'n heks verbrand? Vader, dis altyd verby. U verberg dit vir die oë van die wyse en verstandige. Geen wonder U het vir die priesters gesê nie: "Julle versier die grafte van die profete, en julle is diegene wat hulle daarin sit." Nadat hulle weg is, sien hulle hulle fout. Hulle vervolg U altyd, Heer, in watter vorm U ook al kom.

165 Ek bid, vanaand, God, net nog een keer. Môre is ons geskeduleer om te wees . . . om na Tucson te gaan. Ander dele van die wêreld, ander stede moet ons in preek. Maar, dierbare God, daar kan vanaand vreemdelinge hier wees wat nog nooit . . . Hulle het woorde gehoor wat gepreek was, maar Dit nog nie gemanifesteerd gesien nie.

Soos ek U aan die begin gevra het. Toe daardie dissipels, Kléopas en sy vriend, wat van Emmaüs gekom het, langs die pad geloop het, en U uit die bos gekom het en met hulle begin praat het, na die opstanding, gepreek het vir hulle. Tog, Hy het gesê: "Onverstandiges, traag van hart. Weet julle nie dat Christus hierdie dinge moes ly, en dan in Sy heerlikheid ingaan nie?" Maar steeds het hulle dit nie ingesien nie. Heeldag lank het hulle saam met U gewandel, maar U steeds nie geken nie. Maar een aand . . .

Aand het aangebreek, toe hulle by U aangedring het om in te kom. Toe hulle in die klein herberg ingegaan het en die deure toegemaak het, toe het U iets gedoen net soos U dit voor die kruisiging gedoen het, en hulle het dit herken dat dit die opgestane Christus was. Binne 'n paar oomblikke was U agter die gordyne en weg. Dadelik het hulle gehardloop en die dissipels vertel: "Die Heer het werklik opgestaan!"

166 Vader, God, ek glo U is steeds lewendig. Ek weet U is. En U het dit baie keer aan ons bewys. Kan U dit nie net nog een keer vir ons doen nie, Heer? As ons genade in U oë gevind het, laat dit nog een keer gebeur. Ek is U dienaar; hierdie is U dienaars hier. Heer, alles wat ek gesê het sal nie veel . . . Net een woord van U sou meer wees as wat ek in hierdie vyf aande, of vyf boodskappe gesê het. Dit sou meer wees, net een woord van U. Sal U nie spreek nie, Heer, dat die mense kan weet dat ek hulle die Waarheid vertel het nie? Skenk dit, God. Ek vra dit in Jesus se Naam, nog hierdie een keer. Amen.

167 Nou, ek ken julle nie. Ek ken sommige mense. Ek ken hierdie seun wat *hier* sit. Ek ken Bill Dauch wat reg *daar* sit. Ek wil . . . Hier is Broer Blair, Rodney Cox. Dis moeilik om daar ver te sien.

Aan *hierdie* kant, reg op hierdie tydstip kan ek niemand sien, eintlik, wat ek ken nie.

168 Nou, hoeveel is hier wat weet dat ek 'n vreemdeling vir julle is? Steek op julle hande, wat weet dat ek niks van julle weet nie, steek op julle hande aan beide kante.

Hoeveel is hier wat iets verkeerd het, of iets wat julle weet ek niks van weet nie? Sal julle julle hande opsteek.

Nou dit sal totaal, absoluut totaal onmoontlik vir my wees om enigiets van julle te weet. Anders, dan, sou dit van 'n sekere openbaring van die Gees moes kom.

En dis soos wat ek julle al hierdie aande vertel het, en vanaand, dat Hy nie dood is nie. Hy is hier, en het belowe om dieselfde ding te doen. En het belowe dat daar 'n tyd sou aanbreek in die laaste dae, volgens Maleági 4 en volgens Lukas, dat hy weer sou verskyn in 'n menslike vorm tussen Sy mense en dieselfde dinge sou doen, en dieselfde ding sou openbaar,

dieselfde Messiaanse teken. Hoeveel weet dit, julle Bybellesers, weet dis die Waarheid? Sê: "Amen." [Gemeente sê: "Amen."—Rd.] Almal moet Bybellesers wees.

169 Nou, ek weet dis vreemd vir die mense van vandag, maar dis steeds die Waarheid. Dis die rede waarom hulle nie Jesus van Nasaret geken het nie. Hulle het hulle kerk geloofsbelydenisse geken, maar hulle het Hom nie geken nie. Maar Hy kom op dieselfde manier wat die Bybel gesê het; nie 'n teoloog nie, nie 'n priester nie. Hy kom as 'n Profeet, en Sy Eie het Hom nie ontvang nie.

170 Nou, as God Sy Woord sal hou, en as ek sou. . . dit sou gebeur dat dit op iemand val wat ek ken, dan sal ek—sal ek iemand anders kry. Sien, ek wil iemand hê wat ek nie ken nie. En ek wil hê julle moet bid.

171 Nou, kyk, daar was 'n vroutjie eenkeer wat 'n swakheid gehad het. Sy het haar geld op die dokters uitgegee; hulle kon niks vir haar doen nie. En sy het in haar hart gesê: "As ek daardie Man se klere kan aanraak, sal ek gesond word." Onthou julle die storie? En so het almal van hulle probeer om haar terug te hou, maar sy het deurgedruk totdat sy Sy kleed aangeraak het, en teruggegaan en gesit.

172 Nou luister aandagtig. En toe Hy dit gedoen het, toe sy dit gedoen het, het Jesus omgedraai en gesê: "Wie het My aangeraak?"

173 Wel, Petrus die apostel het Hom bestraf. Hy kon so iets gesê het soos: "Heer, moenie so iets sê nie. Die mense sal dink daar is iets verkeerd met U. Want, toe U hulle gevra het om U vlees te eet en U Bloed te drink, het hulle alreeds gedink daar is iets verkeerd. En U sê, 'Wie het My aangeraak?' Wel, die hele menigte raak aan U."

174 Hy het gesê: "Ja, maar Ek kom agter dat deug uit My gegaan het." Dit was 'n ander soort aanraking. Nou, enigiemand weet dat *deug* "krag" is. "Ek het swak geword; deug het My verlaat."

En Hy het rondgekyk in die gehoor totdat Hy die vroutjie gevind het en het haar van haar bloedvloeiing vertel. En sy het in haar liggaam gevoel dat daardie bloedvloeiing gestop het. Is dit reg? En Hy het gesê: "Jou geloof het jou gered."

Nou, die Griekse woord daar is *sozo*, wat absoluut "gered" beteken, fisies of geestelik, net dieselfde. Hy het "gered." Hy is—Hy is jou Redder.

175 Nou, as dit Hy was gister, en die wyse waarop Hy opgetree het, om te bewys dat Hy onder die mense was, die beloofde Messias; en dis die manier hoe Hy Homself identifiseer het, en belowe deur die Bybel, dat hy dieselfde ding nou sou doen; sou Hy nie, sou Hy nie dieselfde ding moet doen nie?

176 Julle sê: "Het Hy gesê oor die genesing van die siekes?" Ja!

Die Hebreërs, die Bybel waaruit ek nou net gelees het, het gesê dat: "Jesus Christus nou ons Hoëpriester is wat geraak kan word deur ons gevoelens." Hoeveel weet dis waar? [Die gemeente sê: "Amen."—Rd.] Die Bybel het dit gesê. "Hy's die Hoëpriester nou wat geraak kan word deur ons gevoelens." Dan as Hy dieselfde Hoëpriester is wat Hy toe was, hoe sal Hy nou optree? Hy sou op dieselfde manier moes optree soos wat Hy toe het, as Hy dieselfde Hoëpriester is. Nou, julle kan . . .

Ek is nie julle Hoëpriester nie. Julle kan my aanraak, en dit sou net so wees soos wat jy jou man aanraak, of jou broer, of wat ook al, 'n man.

177 Maar laat jou geloof Hom aanraak, en kyk wat gebeur. Nou, as ek God se dienaar is en julle die Waarheid vertel het, sal God dit bevestig as die Waarheid. En dit sou bewys dat Jesus Christus vanaand lewe en hier staan. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Rd.]

Nou, hê julle geloof, net een kant op 'n slag, een kant. Julle daarbuite, hê geloof. Ek moet liewer hier by die mikrofoon bly, want hulle kan my nie hoor nie.

178 Iemand kyk net op na God, en sê: "God, daardie man ken my nie. Hy weet niks van my nie. Ek is 'n totale vreemdeling vir hom. Maar laat my geloof U aanraak, Heer. En U weet wat verkeerd is met my, Heer. U weet alles van my. U weet wie ek is, net soos U geweet het wie Petrus was, net soos U Natanael geken het, soos U geweet het wat verkeerd was met die vrou met die bloedvloeiing. En hierdie man vertel my dat U 'dieselfde gister, vandag, en vir altyd' is. Dan, Heer, laat my geloof U aanraak."

En as Hy dit sal doen, en Homself onfeilbaar hier bewys, hoeveel van julle sal Hom glo met julle hele hart; as Hy dit vir ten minste een, of twee, of drie mense sal doen, as 'n—as 'n getuienis? [Gemeente sê: "Amen."—Rd.] God seën julle.

179 Nou, Vader God, hierdie is totaal uit die hande van enige man. Dit sou bonatuurlike verskynsel moet wees. So ek bid dat U my nou sal help, Heer. Ek is in U hande. Doen met my soos U goeddink. In Jesus se Naam. Amen.

180 Nou, moenie senuweeagtig wees nie. Sê net nederig, eerbiediglik: "Heer, ek sal U dien. En dit sal 'n waarheid wees, dat, as ek U kleed kan aanraak, U deur daardie man sal terug spreek. Dit sal aan my bewys dat wat hy gesê het die Waarheid is." Dit reg?

181 Hoeveel het ooit die foto van die Lig gesien? Dis regoor die hele land, oral. Die wetenskap het dit geneem en dit ondersoek en oral. Nou, Hy is reg hier nou; dieselfde Een wat gesê het oor *Troue en Egskeiding* dieselfde Een wat op die berg was, die

heuwels daaragter geskud het, dieselfde Een wat hier onder by die rivier in '33 was, dieselfde gister, vandag en vir altyd. Hy is dieselfde. [Broer Branham wag—Rd.]

182 Nou, daar is 'n vrou, en sy besef nou dat daar iets gebeur het. Daardie Lig hang reg bo—oor haar. Sy sit net *hier*, groen oortrektrui, aan, of iets. Ek ken nie die vrou nie. Ek veronderstel ons is vreemdelinge vir mekaar. Dit is so. Glo u dat God . . . U het—u het iets nodig, en glo u dat God aan my kan openbaar wat u makeer? En as Hy dit doen, dan weet u dit moet 'n bonatuurlike krag wees, want ek ken u nie. En dit sal deur die bonatuurlike moet kom.

Dit hang af van wat u dink dit is. U kan u skaar by die priesters, dit "die duiwel" noem, of u kan u by die gelowige skaar en dit "God" noem. Wat ook al u glo, dis waar u beloning vandaan sal kom.

183 As God vir my sal openbaar wat u makeer, sal u Hom aanneem as u—u versoening vir daardie probleem? Ek weet nie wat die probleem is nie. Maar ek weet, en u weet, dat iets aan die gang is.

184 Nou, nou laat my u net sê hoe u nou voel, en dan sal u weet; 'n regte warm, soet, gemaklike gevoel. Ek kyk reguit Daarna. Dit is daardie Lig, amberkleurige Lig wat hang van die vrou af.

En die dame ly aan 'n aandoening in haar maag. Dit is soort van 'n groeisels, iets soortgelyks, in haar maag. Sy is nie van hier nie. [Die suster sê: "Reg."] Nee. U is van weg van hier, is u nie? Dis reg. U is van Wisconsin. Is dit reg? Sekerlik. Nou is u genees. U geloof het u gesond gemaak.

185 Nou sê vir my Wie die vrou aangeraak het? Ek is vyf—en—twintig jaarts van haar af. Sy het Jesus Christus, die Hoëpriester aangeraak. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Rd.]

186 Ek kyk na 'n vrou waarmee ek gepraat het. Hierdie vrou, ek kyk reguit na haar, want sy bid so hard vir 'n man. Sy het my vertel dat sy 'n man gehad het . . . Sy het my nooit iets daarvan vertel nie.

Maar haar naam is Mev. Waldrop. Sy kom van Phoenix. Sy was uit die dode opgewek, en haar dokter het met die x—strale gekom en het kanker van die hart gewys. Sy het in die gebedslyn gesterf. Hoe lank gelede was dit, Mev. Waldrop? Agtien jaar gelede, en daar sit sy vanaand, 'n lewende getuienis. Haar dokter het na die byeenkoms gekom, en gebring die . . . Gesê: "Hoe kan die vrou lewe?" Maar hier is sy, en geen teken daarvan nie.

187 Sy het iemand gebring, en sy bid vir hom. Nou, hy is sterwend, met diabetes. Nou, dit het ek geweet. Maar siende dat u bid . . . U weet ek weet nie wie hy is nie, Mev. Waldrop.

188 Hy is van Missouri, en sy naam is Mnr. Cooper. Dis reg. Nou, glo u, u kan teruggaan huis toe en gesond wees, meneer. Dit berus by u, as u dit sal glo.

189 Hier is 'n vrou, en sy ly aan 'n asmatiese toestand, komplikasies. Sy is nie van hier nie. Sy sit daar buite in die menigte, ver *daar* buite. Ek hoop sy kry. . . Sy is nie van hier nie. Sy is van Georgia. Mejuffrou McKenny. Glo u met u hele hart, en glo dat God u gesond sal maak? Staan op u voete, as u 'n vreemdeling vir my is en dit waar is. Jesus Christus maak u gesond. Glo u?

[Broer Branham het sy rug na die gemeente—Rd.]

190 Agter my rug, daar is 'n man wat agter my sit. Hy maak kontak met God. En wat hy wil hê; hy het 'n baba wat hartmoeilikheid het. En daardie baba het 'n geruis in sy hart, so het die dokter gesê. En daardie man se naam is Mnr. Cox. Staan op Mnr. Cox. "En Hy het vir Sara gesê wat sy gedink het, agter Hom."

[Broer Branham hou deurentyd sy rug na die gemeente—Rd.]

191 Reg oorkant die paadjie van hom, 'n bietjie verder terug, is 'n man wat nie van hier kom nie, maar van New Mexico. Ek het hom nog nooit in my lewe gesien nie. Ek kyk reguit na hom toe nou, en hy is agter my. Hy is van New Mexiko. En die man het 'n meisie waarin hy geïntereseerd is, en die meisie het iets verkeerd met haar mond. Dis 'n. . . Die verhemelte in haar mond is wat verkeerd is. En die man se naam is Mnr. West. Sal u opstaan, meneer. Ek is 'n totale vreemdeling vir hom, maar die Here God sal sy kind genees.

192 Glo julle nou met julle hele hart? [Gemeente sê: "Amen."—Rd.] Hoeveel van julle glo nou met julle hele hart? ["Amen."] Nou, is Jesus Christus nie dieselfde gister, vandag, en vir altyd nie? ["Amen."] Neem julle Hom nou aan as julle Saligmaker? Steek jou hand op. ["Amen."] Glo julle in Hom as julle Geneesheer? ["Amen."]

193 Hier, hier is 'n persoon wat hier sit, kreupel of iets, lê op 'n bed.

Kan u my hoor deur hierdie mikrofoon? [Broer Branham neem 'n mikrofoon en loop na die rand van die platvorm en praat met die vrou op die bed—Rd.] Ek ken u nie. U is net 'n vrou wat daar lê. As ek u kon gesondmaak, sou ek dit doen. Ek kan u nie gesondmaak nie.

['n Man begin huil—Rd.] Goed. Dis net 'n man wat bly is. Sy kind was gesond gemaak.

Ek ken u nie. U is 'n vrou, en ek is 'n man. Dit is die eerste keer dat ons in die lewe ontmoet, neem ek aan. Hierdie mense. . . ?. . . wat u gebring het. Om die waarheid te sê, dit is u

eerste keer hier; u pas ingebring. U kom van ver af. Die doodskaduwee is oor u. U het kanker. Dis nie kreupel nie. Dis ’n kanker. Die dokters kan niks meer vir u doen nie. Dis waar. En u sal sekerlik sterf; daardie dokters kan niks meer vir u doen nie.

194 Eenkeer was daar drie melaatses wat by die poort van Samaria gesit het. En daardie melaatses het gesê: “Hoekom sit ons hier tot ons sterf?” Want, al die siekte, doodgaan van honger, en mekaar se kinders geëet. Hulle het gesê: “As ons afgaan na die vyand se kamp, die Siriërs; as hulle ons doodmaak, ons gaan in elk geval sterf. En as hulle ons red, sal ons lewe.” En hulle het daardie kans gevat. En, deur daardie geloof, het hulle nie net hulself gered nie, maar die hele groep.

195 Nou, u gaan sterf as u daar lê. Maar u word nie gevra om na die kamp te gaan wat hulle gedoen het nie. Maar u word genooi na die huis van die vader,. . .?. . .

196 U is sterwend aan kanker. U kan nie lewe behalwe vir God nie. U is nie van dié stad nie. U is nie van hierrond nie. U het ’n ver ent gekom. U is van Milwaukee. Dis waar. Dis reg. Ek het die stad gesien. Ek ken dit. Dis reg.

Glo u? Sal u God aanneem as u geneesheer? As u sal, maak glad nie saak hoe swak u is nie, hoe bedlêend u is nie, ek glo, in u geval, ek sou opstaan in die Naam van Jesus Christus. En neem daardie bed en gaan huis toe, en lewe tot die eer van God. Sal u my gehoorsaam, as God se profeet? Staan dan op en gaan, en wees gesond. Wees gesond! Moenie bang wees nie. Staan op van die bed; God sal u gesond maak. Sien?

197 Iemand hou haar so dat sy kan opstaan en krag kry. Glo u God? Laat haar net ’n bietjie krag kry; sy sal regkom. Dis reg, suster. Daar is sy, in die Naam van die Here Jesus! [Gemeente is verheug toe die suster nou staan.]

Laat ons staan en God prys. Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd! [Die gemeente loof en prys God grootliks—Rd.]

Gaan, en die Here Jesus Christus seën julle. [Gemeente hou aan om God grootliks te loof en prys—Rd.]

Wie Is Hierdie Melgisédek?, Vol. 13 No. 6
(*Who Is This Melchisedec?*, Vol. 5 No. 10R)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik in Engels gelewer op Sondagaand, 21 Februarie, 1965, by die Parkview Junior Hoër Skool, in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., was oorspronklik van die magnetiese bandopname afgeneem en onverkort deur Voice of God Recordings gedruk. Hierdie Afrikaanse vertaling was gedruk in 2000 deur:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org